AFDELING A. BLADSY.

GESKIEDENIS VAN DIE LEERPLANNE

HOOFSTUK I: GESKIEDENIS VAN AMBAGSONDERWYS.

1. In Kaapland (Uitenhage).

2. Eerste wetgewing i.s. ambagsonderwys in Transvaal.

3. Die Potchefstroomse Inrigting.

4. Die Witwatersrandse Tegniese Kollege.

5. Die Ambagskole te Pretoria en Johannesburg.

6. Die "Schools of Industries" te Fordsburg, Belfast, Pietersburg.

7. (a) Samevatting.
   (b) Kritiek.

8. Definisie.

9. Terme.

HOOFSTUK II: GESKIEDENIS VAN DIE LEERPLANNE TOT 1925. 24

1. Leerplanne van die ambagskole te Pretoria en Johannesburg.
2. Die Nasionale Adviserende Raad.

3. Werkprogram van die Potchefstroomse Inrigting.

HOOFSTUK III: GESKIEDENIS VAN DIE LEERPLANNE 1926-1943. 42

1. Inleiding.

2. Ontwikkeling van die ambagte.

3. Die P.T.S.-N.A.S.- Periode: 1926-1933.

   (a) Die leerplan van 1923.
      (i) Preliminêre Tegniese Sertifikaat (P.T.S.)
      (ii) Nasionale Ambagskool Sertifikaat (N.A.S.)

   (b) Die leerplanne van 1927 en 1929.
      (i) P.T.S.
      (ii) N.A.S.

   (c) Samevatting en kritiek. 49

4. Die P.T.S.-J.T.S.- periode: 1933-1943.

   (a) Die Leerplanne van 1933, 1936, 1940, 1943.
      (i) P.T.S.
      (ii) J.T.S. (Junior Tegniese Sertifikaat)
      (iii) N.A.S.

   (b) Samevatting en kritiek. 58

5. Ontwikkeling van die taalsillabusse.

   (a) Uiteensetting.
      (i) P.T.S.
      (ii) N.A.S.
      (iii) J.T.S.

   (b) Samevatting en kritiek. 70-71

# HOOFSTUK I.

## GESKIEDENIS VAN AMBAGSONDERWYS.

### 1. IN KAAPLAND (Uitenhage).

Die eerste spore van ambagsonderwys word gevind in Kaapland, en omdat ten opsigte van die leerplan en die aard van opleiding daardie ambagskole, veral die van Uitenhage, vir Transvaal as voorbeeld gedien het nl. vir die Potchefstroomse Inrigting,[1] begin ons dus met 'n kort geskiedenis van ambagsonderwys in Kaapland.

Beroepsonderwys het ontstaan deurdat verskillende kerkgenootskappe en liefdadigheidsverenigings hulle daarvoor beywer het.[2] Die Nederduits- Gereformeerde Kerk en die Rooms-Katolieke het die voortou geneem met die stigting van industrieskole - soos die ambagskole destyds genoem is (kyk bl.19) - vir behoeftige kinders van Europese afkoms. Die Engelse kerke weer het veel gedoen vir naturelle - en kleurlingonderwys in die sendelingskole. Laasgenoemde feit verdien om vermeld te word, aangesien die eerste spore van beroepsonderwys gevind word in die sendeling- en inboorlingskole wat deur kerke en genootskappe in die dorpe en landelike distrikte opgerig is. Kinders van behoeftige ouers van Europese afkoms het egter dikwels ook hierdie skole bygewoon, maar soos te begrype het die invloed van die kleurlingkinders die karakters ontwikkeling van die blanke kinders nadelig beïnvloed, en om .. die armblanke-kinders van die sendelingskole weg te hou is deur die "Amended and Additional Regulations" van 1893 (kyk bl. 4 ) vir die sogenaamde "armskole" voorsiening gemaak.

---

1) Dr. J.J. Liebenberg: "Werk", No. 24, bl. 25. Vir die geskiedenis van ambagsonderwys verwys ons hoofsaaklik na die dissertasie van dr. J.J. Liebenberg: "Die geschichte des Berufs- und Fachschulwesens in Südafrika," asook artikels van dieselfde skrywer gepubliseer in "Werk", Des. 1937, bl. 11-19; Junie 1938, bl. 25-30; Sept. 1942, bl. 22-25; Des. 1942, bl, 19-23; Junie 1943, bl. 5-11; Sept. 1943, bl. 15-21.

2) Dr. J.J. Liebenberg: "Werk", no. 41, bl. 22.

Op hierdie stadium is daar twee vrae wat beantwoord moet word, nl. hoe dit verklaar word dat die kleurlingkind reeds so vroeg as 1865 industriële onderrig ontvang het,[1] terwyl vir die blanke kind niks in hierdie opsig gedoen is voor 1893 nie, soos blyk uit die Onderwyskommissie-rapport van 1910-1912; en tweedens word hier reeds gepraat van "armblanke-kinders".

Die redes moet gesoek word in die aard van ons land en die houding van die boerebevolking. Die industriële ontwikkeling het as gevolg van die uitgestrektheid van ons land baie langsaam plaasgevind. Oor die algemeen is die land geskik vir landbou en veeteelt. Die jongmanne het gevolglik 'n heenkome op die platteland gevind en het hulle op die voetspoor van hul voorouers aan die boerdery gewy.

Hierdie gehegtheid aan die boerdery het op ekonomiese gebied egter baie nadelige gevolge vir die Boerevolk gehad. Deur teenslae, soos droogtes en plae, het die boer al meer en meer agter geraak, en uit sy nageslag het die bywonerklas ontstaan, wat later die geledere van die armblankedom geweldig laat aangroei het.[2] Die Owerheid was bewus van hierdie feit, want die Onderwyskommissie van 1879 het aanbeveel dat praktiese onderrig in landbou in die distrikskole gegee moes word deur klein modelplase by die skole op te rig, daar die kolonie geheel en al afhanklik was van die landbou vir sy materiële vooruitgang, en die boerdery oor die algemeen op 'n baie onwetenskaplike manier gedrywe was. Dr. Langham Dale het in sy getuienis voor die Kommissie verklaar dat hy landbou-onderwys in die distrikskosskole wou invoer, maar

---

1) Dr. J.J. Liebenberg: "Werk", No. 22, bl. 11.

2) Dr. J.J. Liebenberg: "Werk", No. 41, bl. 22. Vergelyk ook E.G. Malherbe: "Education and the Poor White, "Journal of Science," Vol. 26, bl. 890 en M.E. McKerron: "A History of Education in South Africa," bl. 103-104.

hy het ondervind dat die boere nie industriële opleiding vir hul kinders wou hê nie. 'They did not see why their boys should go into a carpenter's shop or a blacksmith's shop every afternoon.'"[1]

Die Onderwys kommissie van 1891 het die wortel van die saak aangeroer waar verslag gedoen is oor tegniese onderwys. Daar is byvoorbeeld op gewys dat die fondament van tegniese onderwys in die publieke skool gelê moet word. Die volk moes eers voorberei word vir tegniese skole alvorens die behoefte daaraan gevoel kon word. Daar was landbouskole te Stellenbosch, Grahamstad en Somerset-Oos. Die landbouskool te Stellenbosch was vir die opleiding van boere, maar daar is ook eksperimente uitgevoer i.v.m. landbou, saad is getoets ens. Die leerlinge moes 'n tweejarige kursus deurloop, o.a. in skaapboerdery, wynbou, chemie, fisika, anatomie en fisiologie van huisdiere, insektekunde, boekhou, en rekenkunde. Hierdie skool het dus ruime voorsiening gemaak vir die opleiding van jong boere in die Westelike Provinsie, en tog was die algemene klagte 'n gebrek aan leerlinge. Die landbouskool te Grahamstad moes om dieselfde rede gesluit word, en dieselfde gevaar het die ander bedreig. Die Kommissie het gemeen dat die gebrek aan belangstelling in beroepsonderwys ook grotendeels toe te skryf was aan die leerplan van die gewone skool van daardie dae. Daar was nog die opvatting dat al die leerlinge deur dieselfde meul moes gaan, dat die Universiteit die uiteindelike doel van alle skoolopleiding was, en dat hierdie doel alleen bereik kon word deur die klassieke vakke.

In 1893 het daar 'n beweging ontstaan ten gunste van beroepsonderwys vir behoeftige kinders.[2] Die armblankedom het so geweldig toegeneem dat die Parlement 'n Gekose Komitee benoem het om hieroor ondersoek in te stel. Die

---

1) Dr. J.J. Liebenberg: "Werk", Sept. 1942, bl. 24.

2) Ibid.: "Werk", No. 42, bl. 19.

regering het probeer om op tweërlei wyse voorsiening te maak vir die opvoeding van die arm klas kind: (a) In 1893 is die sogenaamde "poor schools" gestig, waarin dieselfde onderrig as in die derdeklas openbare skole gegee is. (b) Volgens regeringsbesluit sou in die geval van behoeftige kinders hande-arbeid bo kulturele onderrig voorkeur kry, en 'n begin sou gemaak word met die stigting van ambagskole. Die regulasies wat in 1893 in verband hiermee uitgevaardig is, het voorsiening gemaak vir dieselfde toelae aan inrigtings wat vir behoeftige en verwaarloosde kinders opgerig sou word, as wat voorheen aan ambagskole vir inboorlingkinders gegee is. Die Nederduits-Gereformeerde kerk en die Rooms-Katolieke kerk was die eerste om die stigting van ambagskole te onderneem. Veral eersgenoemde kerk sou voor 1925 'n leidende aandeel neem in die stigting van soortgelyke skole in Kaapland. Deur die medewerking van di. Morrees, A. Murray en Muller kon ds. D.J. Pienaar op 2 April 1895 te Uitenhage die eerste ambagskool vir blanke kinders in Suid-Afrika open.[1)]

Daar hierdie skool as een van die beste van sy soort in Kaapland beskou is, en omdat dit as voorbeeld van ander ambagskole (byvoorbeeld die Potchefstroomse) gedien het, gee ons iets omtrent die vroeëre geskiedenis daarvan. Daar was veertig leerlinge ingeskryf. Die gehalte van die opleiding aan die inrigting laat ons 'n begrip kry van hoedanig die opleiding en voorwaardes van toelating by vakskole destyds was.

In "Onze Koerant" van 2 Maart 1895 het ds. Pienaar in 'n ope brief talryke vrae wat aan hom gerig was, beantwoord. Daarin het hy meegedeel dat seuns tussen 12 en 18 jaar toegelaat sou word, maar dat slegs diegene wat tot die heel behoeftige klas van die blanke-bevolking behoort en in gevaar verkeer het om sonder enige opvoeding op te

---

1) Dr. J.J. Liebenberg: "Werk", Des. 1942, bl. 21.

groei, aansoek om toelating kon doen. Om kinders van meer gegoede ouers uit te hou moes die applikant saam met sy aansoek om toelating 'n getuigskrif voorlê, waarin die predikant van die gemeente of die vrederegter sertifiseer dat die ouers werklik behoeftig is. Die ouer of voog moes waarborg om die leerling tenminste drie jaar lank aan die inrigting te laat bly, en die kerkraad moes die reiskoste na die skool betaal. Geen toelatingstandaard is vereis nie. Destyds sou dit ook onmoontlik gewees het om soiets vas te stel daar die onderwysfasiliteite op die platteland, vanwaar die leerlinge getrek is, toe nog baie gebrekkig was. Aan skoolonderrig is baie min tyd gewy. Die hoofdoel was om die leerlinge 'n ambag te leer, en verder het hulle drie aande in die week skoolonderrig ontvang. 'n Deeltydse onderwyser was verantwoordelik vir die onderrig in die skoolafdeling. Aanvanklik is onderrig ontvang in lees, skrywe en rekene, en die medium van onderwys was Engels.

In 1901 het merkbare verbetering in die skoolonderrig gekom.[1] As gevolg van die hoër inskrywings, wat tot 75 aangegroei het, is 'n onderwyser vir skoolonderrig aangestel. Dieselfde jaar is ook die aantal ure per week vir skoolonderrig vermeerder, en die leerlinge is in twee groepe verdeel, nl. beginners en gevorderdes. Die gevorderdes was in die voormiddag van 9 tot 11 in die skool, en die beginners van 2 tot 4 in die namiddag. In die vakafdeling het leerlinge opleiding ontvang in meubelmakery, skrynwerkery, smedery, tuinbou en vanaf 1904 ook kleremakery; later ook skoenmakery of liewer skoenlappery.

Hierdie skool was die voorloper van 'n hele aantal soortgelyke inrigtings. Op die volgende dorpe is ambagskole deur die Ned.-Geref. kerk gestig:[2] Adelaide (1906), Worcester (1911), Oudtshoorn (1912).

---

1) Dr. J.J. Liebenberg: "Werk", No. 22, bl. 17.

2) Ibid: "Werk", No. 42, bl. 21.

Die inrigtings wat deur kerke en liefdadigheids-inrigtings gestig is, het volgens Ordonnansie No. 16 van 1913 'n hoofdelike toelaag van £16 per jaar vir elke leerling ontvang. Die res, asook die helfte van die onkoste i.v.m. salarisse van die personeel, rente, huur en goedgekeurde uitgawes, moes die inrigtings deur wins op vervaardigde artikels dek. Die opleiding is gevolglik baie gestrem deur die karige finansiële steun wat die inrigtings van die Provinsiale Administrasie ontvang het. Die inrigtings kon moeilik kop bo water hou en moes enige soort reparasiewerk van die publiek aanneem om nie reddeloos in die skuld te raak nie. Deur werk van die publiek aan te neem het die ambagskole in botsing gekom met plaaslike ondernemings. Hulle moes dikwels die verwyt hoor dat hulle nie vir die arbeid betaal nie en die plaaslike handelaars en werksmense onderkruip het omdat hulle aan die publiek artikels onder die heersende markpryse sou verkoop. Dit het die inrigtings baie kommer en sorg veroorsaak, daar hulle van twee kante bedreig was, nl. 'n finansiële tekort aan die end van die jaar en die feit dat hulle met leerlinge, wat nie bedrewe ambagsmanne se werk kon verrig nie, teen dieselfde prys moes verkoop as die ander handelaars.

2. <u>Eerste wetgewing i.s. ambagsonderwys in Transvaal.</u>

In Transvaal was die Potchefstroomse inrigting die eerste van sy soort, en dit het ooreenkoms getoon in leerplan en aard van opleiding met die skool te Uitenhage (soos gemeld op bl. 1) maar voordat ons tot 'n bespreking van eersgenoemde inrigting oorgaan, moet ons daarop wys dat voor die stigting daarvan (deur die kerk) reeds deur die Owerheid wetgewing gepasseer is om voorsiening te maak vir ambagsonderwys in hierdie provinsie

In wet 8 van 1892, afdeling G, is egter al voorsien-

ing gemaak vir ambagsonderwys in verband met skole waar middelbare onderwys (Std. IV tot Std. VI) gegee is.[1] In sy verslag van 1895 beveel Mansvelt 'n modelboerdery, 'n mynskool, 'n handelskool en 'n ambagskool aan. In 1896 is die plan verder uitgewerk, en op 2 Feb. 1897 is die konsep gepubliseer. Deur die Eerste Volksraad is dit saam met die ander reeds behandelde konsepte na die onderwyskommissie verwys maar eweas die ander weer teruggevra omdat die beginsel nog nie deur die Raad goedgekeur is nie. Dis later weer in behandeling geneem na aanleiding van memories wat in verband daarmee ingedien is, en daarna vir hersiening ens. na 'n kommissie verwys, wat nog gedurende die toenmalige sessie moes rapporteer. Dit is egter nie gedoen nie.

In 1898 is die saak behandel en die wet aangeneem. Die wet bepaal: waar daar vyftien applikante in 'n distrik is, sal daar 'n ambagskool opgerig word; al die benodigdhede sal deur die Regering verskaf word; die doel is die vorming van deeglike ambagslede uit kinders van ou en genaturaliseerde burgers van die Republiek en weeskinders wie se ouers dood is en van wie die name voorkom op die registers van die veldkornette. So 'n inrigting sal onder 'n plaaslike kommissie van vyf lede staan. Die kommissie moet die vervaardigde artikels verkoop en die opbrings aan die Landdros oorhandig, terwyl die kinders vyf persent van die opbrings kry. Die Regering betaal £2 per maand per leerling vir losies. Op versoek van die kommissie sal in elke distrik 'n wamaker, 'n smid en 'n saal- en tuiemaker aangestel word. Vir toelating moes 'n kind die tweede leerjaar bevredigend deurloop het.

Daar is geen dokumentêre bewys dat nog onder die

---

1) Lugtenburg: "Gesk. van die Onderwys in die Z.A. Republiek", bl. 183.

1892 - nog onder die 1898-wet werklik skole opgerig is gedurende die jaar wat die wet van krag was nie.[1]

Die Potchefstroomse Inrigting.

Die eerste ambagskool in Transvaal, nl. te Potchefstroom, is nie as sodanig gestig nie maar het ontwikkel uit die weeshuise wat na die Tweede Vryheidsoorlog gestig is.[2] Daar was oorspronklik twee weeshuise te Potchefstroom; 'n Regeringsweeshuis vir die wese uit die burgerkampe teen die end van die oorlog en 'n privaat weeshuis met omtrent 75 kinders, beheer deur die Hollands-Gereformeerde kerk. Hulle is in 1903 geamalgameer, en die Regering het die grond geskenk en geboue opgerig.[3] Aanvanklik is die kinders van kos, inwoning en klere voorsien en het hulle primêre onderrig ontvang. Weldra is ingesien dat hierdie soort opleiding nie voldoende was nie, en dat hulle ook beroepsopleiding moes kry.[4] Op bl. 191 wys die genoemde kommissie daarop dat die funksie van 'n weeshuis nie net is om die kinders aan die lewe te hou totdat hulle oud genoeg is om die wêreld in te gaan nie, maar dit moet hulle voorberei om op 'n eerbare wyse 'n bestaan te kan maak. Om daartoe instaat te wees behoort 'n weeshuis toegerus te wees met die regte fasiliteite om industriële en landboukundige onderrig te gee. Daarom is oorgegaan tot die stigting van 'n ambagskool (toe genoem industriële skool). Die Regering was bereid om so'n ambagskool finansieel te steun maar het van die betrokke kommissie duidelik omskrewe voor-

---

1) Lugtenburg: Gesk. v/d Onderwys in die Z.A. Republiek", bl. 234-5.
2) Dr. J.J. Liebenberg: "Werk", No. 24, bl. 25.
3) Report: "Transvaal Indigency Commission 1906-8", bl. 190.
4) Dr. J.J. Liebenberg: "Werk", No. 24, bl. 26.

stelle daaromtrent verlang.[1] Vir die nodige inligting aangaande vakonderrig is ds. M.L. Fick na Europa, en hy het daarna ook Uitenhage besoek; en laasgenoemde inrigting het dan ook, soos die konstitusie bewys, as voorbeeld vir die ambagskool te Potchefstroom gedien.

Die Transvaalse Onderwysdepartement het die plan wat die komitee aan hom voorgelê het, goedgekeur, en in Augustus 1905 is die ambagskool geopen.[2] Vir die oprigting van die geboue en die uitrusting van die inrigting het die Departement £3000 bygedra. Die jaarlikse onderhoudskoste per leerling is op £27 bereken, waarvan die Departement £21 bygedra het. Die skoolkomitee moes derhalwe maandeliks 10/- per leerling bybring deur die hou van basaars, kollektes, geskenke en donasies van belangstellendes en die verkoop van vervaardigde artikels. Die bestuur van die inrigting moes vir die aandeel van die koste wat hy moes dra, 'n garansie van minstens £600 per jaar vir 5 jaar verstrek. Omtrent 60 persone van die distrik het die waarborg onderneem. Die eerste 2 jaar was daar 'n tekort, maar in 1910 het ds. Fick daarop gewys dat die onderneming finansieel so gesond was dat 'n borg nie langer nodig was nie.

Ten einde koste te bespaar is besluit om die weeshuise te Irene en Pietersburg met die van Potchefstroom aan die begin van 1907 te amalgameer. By die weeshuise te Irene en Pietersburg is reeds 'n bietjie vakonderrig gegee. Die prinsipaal van Irene het byvoorbeeld die sogenaamde Sloydstelsel van hout by sy inrigting ingevoer.[3]

1) Vgl. Transvaalse Onderwysdepartement: "Regulationsfor the Control and Management of the Potchefstroom Industrial School," 1905, 1917, 1923; Staatsdrukkery, Pretoria.

2) Vgl. ds. M.L. Fick: "Eerste Jaarverslag van den Voorzitter van de Ambachtschool," 1 Aug. 1906.

3) Dr. J.J. Liebenberg: "Werk", No. 24, bl. 26. Vgl. ook ds. Fick: "Potchefstroom Ambachtschool", 'n artikel in "De Volkstem, Jan. 1909, asook die Jaarverslae (ds. Fick) 1906, 1907, 1908, 1909, 1910 - uitgewers: "Het Westen" - Drukkery, Potchefstroom.

Op die gebied van vakonderrig in Transvaal het die Potchefstroomse inrigting baanbrekerswerk verrig (sien hoofstuk II bl. 35), en dit is vandag ook die grootste ambagskool (Hoër Tegniese Skool) op die platteland

4 Die Witwatersrandse Tegniese Kollege.

Die begin van tegniese onderwys in Transvaal vind ons egter by die stigting van die "Transvaal University College," waaruit ontstaan het die huidige Tegniese Kollege, en ons kan nie nalaat om ook te wys op die ontstaansgeskiedenis van hierdie liggaam nie, daar die Tegniese Kollege vandag die grootste inrigting van sy soort in die land is [1] en gevolglik 'n groot invloed uitoefen by die samestelling van die leerplanne vir die Nasionale Tegniese Sertifikate.

Die kommissie van 1902, met Fabian Ware as voorsitter, het tot die gevolgtrekking gekom dat daar in Suid-Afrika en veral in Johannesburg 'n groot behoefte aan Tegniese onderwys bestaan. [2] Hulle beoog egter "a technical institution of the highest kind" met Matriek as toelating. In artikel 1(b) van die Onderwys-ordonnansie van Februarie 1903 word voorsiening gemaak vir die oprigting, instandhouding en kontrole van myn-, landbou- en ander tegniese skole. [3]. In Augustus 1903 is 'n liggaam met name "Transvaal Technical Institute" gevorm en dit was aan die einde van dieselfde jaar verantwoordelik vir die oorplasing van studente in myningenieurswese van Kimberley na Johannesburg. Om die ontwikkelingsgang aan te dui sal die naamsveranderinge van hierdie inrigting voldoende wees: Transvaal University College (1906), South African School of Mines and Technology (1910), University College, Johannesburg (1920), University of the Witwatersrand (1922). Hierdie liggaam was ook verantwoordelik vir die voortsettingsklasse vir vakleerlinge

---

1) Spencer: "The Technical Colleges of South Africa," bl. 15.
2) "Report of a Committee appointed to consider the needs of S.A. in regard to Tech. Educ. with special reference to the Transvaal," 1902, bl. 2.
3) "Transvaal and Orange River Colony public Educ. - Report of the Director of Educ. Nov. 1900 to Feb.1904," bl. 31 & 102.

aan die Rand, maar die passering van die Hoër Onderwyswet van 1923 het aanleiding gegee tot die stigting van die "Tegniese Onderwys Raad" deur die Universiteit van Witwatersrand om veral bogenoemde klasse oor te neem, maar in 1926 is die "Witwatersrandse Tegniese Instituut" (Tegniese Kollege) gestig om as opvolger van die "Tegniese Onderwys Raad" te dien.[1)]

5. Die ambagskole te Pretoria en Johannesburg.

Die "Transvaal University College" (1906, soos hierbo genoem) het ook elementêre en ambagsklasse gereël, maar die universiteitsoutoriteite het in 1908 besluit om hierdie werk oor te dra aan die sorg van die Departement, daar die meerderheid van die professore gevoel het dat hierdie klasse, wat 'n integrale deel van die Universiteit gevorm het, nie binne die kader van die werk van 'n Universiteit geval het nie.[2)] Die Transvaalse Onderwysdepartement het 'n Organiseerder vir Tegniese Onderwys benoem (W.J. Horne), en daarna is die ambagskole te Pretoria en Johannesburg gestig.

In 1909 was aan die myne verbonde 'n georganiseerde sisteem van vakleerlingskap en 'n paar privaat gekontroleerde enginieurswerke, en John Orr het die stigting van ambagskole voorgestel. Die komitee wat op hierdie saak ingegaan het, het die voorstel van die hand gewys, omdat daar onder belanghebbendes heelwat misverstand omtrent die aard van die soort skool was. Hulle was die mening toegedaan dat dit tot 'n groot mate die gereelde werkswinkelvakleerlingskap sou verdring. Die doel was egter om vir hierdie vakleerlingskap voor te berei. Die eerste ambagskool van hierdie aard in Suid-Afrika is te Pretoria gestig in 1909, daarna te Johannesburg en Benoni in 1912 en 1919 respektiewelik.[3)]

---

1) J. Orr: "Technical Education & Training," bl. 18, 20 en 54.

2) J. Orr: "Technical Education & Training," bl. 54.

3) Ibid. bl. 36 - 40.

In die Jaarverslae van die Direkteur van Onderwys (Transvaal) asook die van die Transvaalse Organiseerder van Tegniese Onderwys (W.T. Horne)[1] vind ons dat die ambagskool te Pretoria die eerste paar jaar gevaar geloop het om leeg te loop, hoofsaaklik omdat die doel van die skool nie altyd deur buitestanders en belanghebbendes reg verstaan is nie. Die Direkteur wys veral op drie faktore wat die sukses van die skool bedreig het, nl. die ouers, die kind en die werkgewers. Die ouer het in sy kind, wanneer hy, gewoonlik op 13-jarige leeftyd, die laerskool verlaat, 'n finansiële bydraer tot die huishouding gesien as hy £5 of £6 per maand kon verdien in een of ander onbelangrike werk en was dus nie bereid om sy kind 3 of 3½ jaar na die ambagskool te stuur en al die finansiële en ander voordele 'n bietjie later te trek nie. Die kind weer was nie meer verplig om 'n skool te besoek nie, (dit is in 1912 verhoog tot std. V of 15 jaar) en as die ambagskool besoek is, was 'n groot persentasie ontevrede oor die feit dat ook voorsiening gemaak is vir hulle algemene opvoeding: hulle wou uitsluitlik 'n ambag leer. Die gevolg was dat die skool vaarwel gesê is, en die leerling het homself laat inskryf as vakleerling by een of ander werkgewer en dan net die aandklasse by die skool bygewoon. Die aandklasse is, soos te begrype, dan ook veel meer as die dagskool besoek. Die werkgewers op hulle beurt wou nie veel waarde heg aan die gehalte van die werk wat gelewer is nie, hoofsaaklik omdat hulle geskoolde, volopgeleide ambagsmanne verwag het - iets wat seer seker nie binne drie jaar bereik kan word nie.[2] Gaandeweg is die meeste van die moeilikhede oorkom, en toe die skole beter bekend geraak het, is hulle waarde meer en meer besef en het hulle die nodige

1) "Reports: 'Transvaal Educ. Dept.," 1910, bl. 175; 1912, bl. 85 en 163.

2) Ibid.: 1910 bl. 175; 1912, bl. 84-87 en 165-173.

ondersteuning geniet, sodat in 1919[1] nog 'n skool te Benoni geopen is. Hierdie skole is, na die passering van die Hoër Onderwyswet van 1923 en die stigting van die Tegniese Kolleges te Pretoria en Johannesburg, ingeskakel as 'n integrale deel van die Kolleges.

6. Die "Schools of Industries" te Fordsburg, Pietersburg en Belfast.

Een van die maniere wat die Organiseerder van Tegniese Onderwys in die Transvaal aangewend het om die sukses van die ambagskole (hierbo beskryf) te verseker, en waarop hy baie klem gelê het, was om die toekomstige leerlinge reeds in die laerskool voor te berei, veral deur die beklemtoning van hande-arbeid in die leerplan.[2] Hierdie hande-arbeidskursus kon uitgebrei word, veral vir die agterlike kinders, en so het dan ook ontstaan die skole te Fordsburg, Pietersburg en Belfast.

In 1915 is 'n konferensie deur die Unie-Onderwysdepartement te Durban belê in verband met ambagsonderwys, en die instelling van handwerkklasse by laerskole (Vocational tops) is beoog, wat moes uitloop op die Preliminêre Tegniese Sertifikaat van die Nasionale Adviserende Raad.[3] Die skool te Fordsburg, genoem "The School of Industry," is vir die doel ingerig. Leerlinge van naburige primêre skole het een dag per week hierdie industrieskool bygewoon en onderrig ontvang in houtwerk, 'n bietjie metaalwerk, tekene en rekenkunde in verband met die werk.

Hierdie skool was 'n mislukking, omdat dit eintlik veronderstel was om agterlike en vertraagde leerlinge, wat

1) Jaarverslag: Unie-Ond. Dept., 1926 bl. 22.

2) "Report: Transvaal Educ. Dept.," 1912, bl. 142.

3) Ibid.: 1916, bl. 91.

nie in std VI sou slaag nie, op te neem, maar sodanige leerlinge het die skool nie besoek nie; inteendeel, die intelligente leerlinge het van die voorreg gebruik gemaak. Die ouers is verantwoordelik gehou vir die mislukking van 'n soortgelyke "Industrial woodworking School" te Pietersburg, waar die leerlinge nooit meer as ses was nie. Dieselfde poging is aangewend op Belfast, waar die gewone skoolkinders twee uur per week onderrig in hande-arbeid ontvang het, terwyl kinders wat die laerskool deurloop het, die geleentheid gebied is om 8 uur per dag in 'n week van 5½ dae hout- en smidswerk te leer. Die skool is in 1926 gesluit en die leerlinge in 1927 oorgeplaas na die ambagskool te Middelburg, gestig deur die Unie-Onderwysdepartement.[1)]

7. Samevatting en kritiek.

(a) Samevatting:- In Kaapland is ambagskole in die lewe geroep deur die beywering van verskillende kerkgenootskappe en liefdadigheidsverenigings, om as middel te dien ter oplossing van die armblankevraagstuk. Die skool te Uitenhage sou ten opsigte van die leerplan en aard van opleiding as voorbeeld dien vir die Potchefstroomse inrigting, wat as weeshuis begin is. In Transvaal is die eerste spore van tegniese onderwys egter gevind met die stigting van die "Transvaal Technical Institute in Augustus 1903, wat ontwikkel het tot die huidige Witwatersrandse Universiteit, en waaruit ook ontwikkel het die huidige Witwatersrandse Tegniese Kollege (1926). Die Transvaalse Onderwysdepartement was verantwoordelik vir die stigting en beheer van die ambagskole te Pretoria (1909), Johannesburg (1912) en Benoni (1919), wat bedoel

---

1) Rapport: Unie-Ond. Dept., 1927, bl. 42.

was om vakleerlinge voor te berei vir die industrieë deur voltydse dagkursusse, en die skole vorm vandag deel van die Tegniese Kolleges te Pretoria en Johannesburg. (Hoekom ons hier onderstreep het, sal netnou blyk.) Die Organiseerder van Tegniese Onderwys in Transvaal, W.J. Horne, het veral klem gelê op hande-arbeid in die laerskoolleerplan, en 'n verdere uitbreiding was die stigting van "Schools of Industries" (Vocational tops) te Fordsburg, Pietersburg en Belfast, waarvan eersgenoemdes doodgeloop het, en laasgenoemde se paar leerlinge is in 1927 oorgeplaas na Middelburg (Tvl.).

Die vorming van vakleerlingskapkomitees, wat meegebring het die verpligte bywoning van tegniese klasse, het gelei tot groot uitbreiding van die werk van die Unie-Onderwysdepartement. In 1912 is die Nasionale Adviserende Raad gestig vir tegniese (en kommersiële) onderwys,[1] en in 1914 is Percy Coleman aangestel as Adviseur van Tegniese Onderwys in die Unie. In die eerste rapport, van 1915, is 'n nasionale skema vir tegniese onderwys en eksamens opgestel, maar daarvan het min tereg gekom as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog.[2] Deur die eksamenstelsel en die uitreiking van sertifikate het die Owerheid gepoog om die aktiwiteite op tegniese gebied te koördineer, en 'n verdere stap in hierdie rigting was om beroepsonderrig van die provinsies oor te neem (1925). Baie veranderings het toe plaasgevind, maar wat hier van belang is, is dat die Unie-Onderwysdepartement vandag in Transvaal drie Hoër Tegniese Skole beheer, nl. te Potchefstroom, Middelburg en Wolmaransstad, gestig in 1927 en 1929 onderskeidelik.

(b) Kritiek:- Uit die geskiedenis van vakonderrig in Suid-Afrika blyk dit dat feitlik tot die begin van die huidige eeu hierdie deel van onderwys byna onbekend was.[3]

---

1) J. Orr: "Technical Educ. & Training," bl. 53.
2) Ibid. : bl. 53.
3) Dr. J.J. Liebenberg: "Werk," No. 22, bl. 11.

"It has been said that education does not lead, but rather follows social development. Of industrial and technical education this is particularly true. The whole history of this branch of education is closely connected with the general economic development of this country."[1] Wat ook uit hierdie aanhaling en die volgende blyk, is dat gepraat word van "industriële" en "tegniese" onderwys en dat die wordingsgeskiedenis verskillend was, en daarom het ons in die begin onderstreep. "The genesis of industrial education is not identical with that of technical education. Technical education arose out of the needs of the growing industries; industrial education out of a desire to help the poor whites. The industrial schools were born out of poverty, misery, depressions, wars and epidemics. They were not sponsored by the industries but by charitable institutions such as the Dutch Reformed Church - The instructors were on the whole more well-intentioned and religious people than competent technicians."[2]

In Kaapland (asook in Tvl., nl. te Potchefstroom) is die skole deur die Regering ondersteun deur middel van 'n "per capita"- toelae en 'n bydrae tot sekere nodige uitgawes, en plaaslike gemeentes het tot hulle onderhoud bygedra. Die totale finansiële ondersteuning was egter onvoldoende, en produksie het die vernaamste oorweging geword ten einde genoegsame inkomste te verskaf om die inrigting in 'n solvente toestand te hou.[3] Maar selfs met die stigting van hierdie skole het die onderwys nie goed tred gehou met die industriële ontwikkeling nie, daarom wys E.G. Malherbe daarop dat so vroeg as 1854 die Kaapse Regering industriële skole opgerig het vir kleurling- en naturellekinders, "but it took forty

1) McKerron: "A History of Educ. in S.A. 1652-1932," bl. 104.
2) Ibid.: "A History of Educ. in S.A.," bl. 104-5, aangehaal uit E.G. Malherbe: "Educ. and the Poor White", bl. 55
3) Unie-Ond. Dept.: "Beroepsonderwys." - Staatsdrukkery. Pretoria. 1936. bl. 5.

years before church and school authorities realized that a considerable section of the white population was falling into economic decline because it was practically excluded from industrial activities."[1] Die industrieë self was teen die einde van die 19de eeu ook net beperk tot die Departement van Spoorweë en Hawens, die goud- en diamantvelde, die bou- ambagte ens., maar die industrieë het na die Tweede Vryheidsoorlog en die Eerste Wêreldoorlog vinnig uitgebrei.[2]

'n Ander baie belangrike faktor in die ontwikkelingsgeskiedenis van hierdie soort onderwys was die administrasie. Daar verskillende liggame beheer uitgeoefen het, en ook omdat daar geen of weinig koördinasie tussen die verskillende werksaamhede was, het dit noodwendig die ontwikkeling gestrem. Op 'n konferensie belê deur die Minister van Onderwys in Nov. 1911 met die doel om vas te stel wat in elke provinsie gedoen word ten opsigte van tegniese, industriële en kommersiële onderwys en om te probeer om die verskillende werksaamhede te koördineer, is bevind dat die sisteme asook die publieke opinie in die verskillende provinsies verskillend was. In sy openingsrede stel hy die posisie soos volg: "I find that industrial and technical education has been divided between the Union Government on the one hand and the Provincial Administrations on the other; and at present there are nine different Departments concerned with its administration. Five Union Departments and four Provincial Administrations "have a finger" in it".[3] Die Unie-Onderwysdepartement het die "South African School of Mines and Technology" in Johannesburg beheer en indirek ook die aandklasse wat aan die inrigting verbonde was.

1) E.G. Malherbe: "Handbook on Educ. & Social Work in S.A. - The New Educ. Fellowship," Pretoria, 1934, bl. 7.

2) McKerron: "A Hist. of Educ. in S.A.," bl. 105 en 109, aangehaal uit "Unemployment Investigation Committee," bl. 7.

3) "Report: Under Secretary of Educ. Dec. 1912," bl. 3.

Aansoeke om industriële inrigtings onder die "Labour Colonies and Industrial Institution's Act of the Cape Province" (Act. No. 10, 1909) het ook na die Unie-Onderwysdepartement gekom, hoewel die toelae vir salarisse en dergelike aangeleenthede deur die Kaapse Onderwysdepartement moes oorweeg word. Vakleerlinge by die Departement van Spoorweë was in die werkswinkels van dié Departement. Alle landbouonderwys het berus by die Departement van Landbou. Die Departement van Gevangeniswese het industriële skole opgerig, terwyl die Departement van Mynwese 'n mynwerkerskool aan die Witwatersrand gestig het. 'n Nasionale Adviserende Raad is in die lewe geroep (sien bl. 32) om die werksaamhede te probeer koördineer, maar die feit bly dat te veel "base" met die saak gemoeid was, en daarom wys McKerron 1) daarop dat die "Education Administration Commission" van 1923-4 nog nie in staat was om enige beginsel van koördinasie in hierdie verband te ontdek nie maar selfs gekla het dat die pogings van die verskillende organisasies soms oormekaar geslaan het. Dit is dan ook eers na die oorname van beroepsonderrig in 1925 van provinsiale beheer deur die Unie-Onderwysdepartement dat hierdie soort onderwys sy regmatige plek in die onderwysstelsel van die land begin inneem het.

Dr. Gie 2) wys daarop dat toe die skole onder provinsiale beheer was, veral twee faktore die gewenste ontwikkeling gestrem het, nl. hulle is verdring deur die wyer opvoedkundige aktiwiteite van die provinsies, en die stigma van armblankedom het aan hulle bly kleef. Die Unie-Onderwysdepartement was die eerste opvoedkundige gesag in Suid-Afrika wat die probleem van beroepsonderrig die regte en simpatieke aandag geskenk het wat dit verdien, en dit kan gesê word dat die groot kwalitatiewe verbetering in die werk van die be-

---

1) McKerron: "A Hist. of Educ. in S.A.," bl. 110.

2) Redaksie: "Werk," Maart 1934, bl. 11.

roepskole onder sy direkte kontrole die gevolg is van sy houding teenoor hulle. Algemene kulturele vakke en die voorsiening van biblioteke geniet sorgvuldige aandag, en die skole word gereeld geïnspekteer deur algemene en beroepsinspekteurs, wat ook toesien dat die gehalte van die werk en die onderrigmetodes 'n goeie standaard bereik. Die Departement het ook daarin geslaag om die status van die skole te verhoog deur die beginsel van skoolgeld in te voer, en ook deur daarop aan te dring dat die leerlinge sorgvuldig gekeur word. Die skole word nie langer as "armskole" beskou nie, in elk geval nie tot so'n mate soos in die verlede nie.1)

8. D e f i n i s i e.

Op hierdie stadium mag dit nodig wees om nader te bepaal wat onder "Hoër Tegniese Skool" verstaan moet word - nie omdat die huidige benaming verwarring mag skep nie, maar omdat in die verlede die terme "industrieskool" en "ambagskool" gebruik is vir dieselfde tipe inrigting (veral in die Kaapprovinsie), miskien omdat daar nie 'n duidelike onderskeid in die betekenisinhoud van die twee terme is nie. Veral by die man op die straat maar selfs by lede van die onderwysprofessie wat nie direk by hierdie soort onderwys betrokke was nie, is bogenoemde terme vir dieselfde inrigting gebruik.

Op die tweede vergadering van die Nasionale Adviserende Raad, op 21 Februarie 1913, is gepoog om te definieer watter inrigtings as "industrieskole" beskou moes word, en dat hulle verskil het van "ambagskole," veral deurdat laasgenoemde omdat dit vir die stede bedoel is, 'n hoër standaard van tegniese onderrig vereis het, en dit ook aan die hand gegee is dat "industrieskole" later tot "ambagskole" kon ontwikkel. "Industrial schools are intended to develop "general handiness" and, although training may be, for the most part, confined to

1) Dr. Gie: "Control of Vocational Education," 'n artikel in "Werk." Maart 1934. bl. 11.

one or two specific occupations, the differentiation which is characteristic of the trades schools should not be attempted".[1] Ambagskole daarenteen, is deur die Nasionale Adviserende Raad onderskei as in die eerste plek bedoel om seuns voor te berei vir vakleerlingskap tot sekere ambagte, veral in die stede. Die tegniese werk aan die ambagskole moes die leerling voorberei vir die werkswinkel deur onderrig te verskaf in die fundamentele beginsels van sy ambag, maar besondere of bedrewe vaardigheid in besondere meganiese prosesse was nie die primêre doel nie, daar daardie bedrewenheid verkry sou word gedurende vakleerlingskap.[2] Die Raad het die "industrieskole" soos volg onderskei:-

(a) Inrigtings vir behoeftiges en weeskinders, soos die "Newton Home" te Kimberley en die tehuis vir behoeftiges te Graaff-Reinet, waar daar destyds (1913) geen ambagte geleer is nie, leerlinge onder 13 jaar toegelaat is, en waar geen fooie betaal is nie;

(b) industrieskole vir die seuns en dogters van verarmde blankes, soos te Uitenhage, Adelaide, Oudtshoorn, Worcester, Graaff-Reinet(meisies) en Potchefstroom (seuns en meisies), waar die leerlinge een of ander ambag geleer het, toegelaat is tussen die ouderdomme 13 en 16 (in sommige gevalle 17), en waar geen fooie betaal is nie;

(c) industrieskole soortgelyk aan die te Uitenhage ens. maar waar fooie betaal is in sommige gevalle, soos te Bloemfontein en Bethlehem;

(d) industrieskole onder die Gevangenisse- en Verbeteringsgestigte-wet, soos te George.

In Transvaal was die posisie dus: die Potchefstroomse Weeshuis- industrieskool, die Langlaagte- Weeshuis-industrieskool, en die Heidelbergse industrieskool (Emmasdale).[3] Die ambagskole was die drie te Pretoria (1909),

---

1) "Report: Under-Secretary of Educ. 1912," bl. 14.
2) "Report: Transvaal Educ. Dept. 1912," bl. 85.
3) "Report: Transvaal Educ. Dept. 1912," bl. 188.

Johannesburg (1912) en Benoni (1919), terwyl die skole te Fordsburg, Pietersburg en Belfast "Schools of Industries" genoem is. Die naam van die Potchefstroomse inrigting is ook later (1920) verander tot "School of Industries." Die industrieskole onder (b) en (c) het ontwikkel tot "ambagskole" (en huishoudskole), terwyl die eintlike ambagskole met die stigting van die Tegniese Kolleges te Pretoria en Johannesburg daarby ingelyf is. Skole soos onder groep (d) het industrieskole (nou nywerheidskole) gebly, terwyl die skole te Fordsburg, Pietersburg en Belfast doodgeloop het, soos reeds gemeld.

In 1943 is weer 'n naamsverandering aangebring, en ons het vandag die volgende posisie in Transvaal: die ambagskole te Pretoria en Johannesburg, wat 'n integrale deel van die Tegniese Kolleges vorm, sowel as die ambagskole te Potchefstroom, Middelburg en Wolmaransstad, wat direk onder die Unie-Onderwysdepartement resorteer, heet "Hoër Tegniese Skole." Die tegniese afdeling van die Tegniese Kollege (Pretoria word as voorbeeld geneem) verskil hoofsaaklik van die Hoër Tegniese Skole van die Unie-Onderwysdepartement daarin dat eergenoemde eintlik beoog om deur hulle dagskool leerlinge te bekwaam, nie as ambagsmanne as sodanig nie maar om die latere eintlike tegnici of kontrakteurs vir die stede te lewer; die leerlinge word toegelaat met std V, en die kursus is veronderstel om uit te loop op die Senior Tegniese Sertifikaat wat 5 jaar duur en gelykstaan met die Matrikulasiesertifikaat. Meer tyd word aan die teorie as aan die praktyk gewy, behalwe in die geval van leerlinge wat ambagsmanne wil word en die kursus vir die Ambagskool Sertifikaat volg.[1)]

---

1) Volgens die Prospektus van die Pretoriase Tegniese Kollege en 'n persoonlike onderhoud met die hoof van die tegniese afdeling.
Vgl. ook Afd. C., hoofstuk I.(b).

Die aard en doel van die Hoër Tegniese Skole onder die Unie-Onderwysdepartement word in Afdeling C, hoofstuk I(b) nader bepaal. Die verskil en ooreenkoms tussen 'n Hoër Tegniese Skool (soos te Potchefstroom) en 'n Nywerheidskool (soos te Heidelberg) kom kortliks op die volgende neer: Nywerheidskole val onder die Kinderbeskermingswet van 1913, soos gewysig deur wet No. 26 van 1921 en wet No. 9 van 1931 en die Kinderwet No. 31 van 1937, terwyl die Hoër Tegniese Skole onder die wet op Beroepsonderwys en Spesiale Skole No. 29 van 1928 val. Buitengewone armoede en verwaarlosing vorm die vernaamste gronde waarop die magistrate stappe doen om kinders na eersgenoemde inrigtings te kommitteer.[1] By laasgenoemde skole doen die leerlinge uit eie beweging aansoek om toelating; hulle moet in std VI geslaag het en tussen die ouderdomme 14 en 17 wees, waarop egter soms uitsonderings gemaak word. Na voltooiing van die kursus het die skool geen seggenskap meer oor die leerling nie, terwyl departementele nasorgbeamptes toesig hou oor die ontslane leerlinge van die Nywerheidskool. Swak huislike omstandighede vorm die oorsaak waarom leerlinge gekommitteer word, en daarom verloor die ouers alle seggenskap oor die kind. Die prinsipaal staan in loco parentis by Nywerheidskole, en hulle (die leerlinge) bly deurentyd by die inrigting, hoewel sommige gedurende vakansies goedgekeurde gesinne mag besoek. Hoër Tegniese Skole word gedurende vakansies gesluit, en die ouers of voogde behou seggenskap maar mag nie die kontrak van inboeking verbreek nie tensy die nodige verlof toegestaan word en die agterstallige fooie betaal word, anders mag 'n boete van £5 of 'n maand tronkstraf of albei, kragtens artikel 14 van die wet, opgelê word. Die doel van die kursus en die grondslag van die leerplanne is dieselfde behalwe in soverre wysigings van minder belang in laasgenoemde

---

1) Jaarverslag: Unie-Onderwysdepartement, 1924, bl. 38.

aangebring is om moeilikhede te oorwin wat ontstaan uit die onmoontlikheid om 'n onderwyskwalifikasie as 'n standaard van toelating tot Nywerheidskole vas te stel.[1)]

9. Terme.

Ten slotte wil ons 'n paar terme nader omskryf.

I. Tegniese Onderwys is afgelei van die Griekse woord "Tegnikos", wat beteken "kunstigheid." Aanvanklik was die soort onderrig spesiaal vir die aanleer van die skone kunste bedoel. Vandag dink ons daaraan in die spesiale sin van daardie soort onderwys of instruksie wat gerig is op die wetenskaplike hantering van werktuie of materiaal. Oorspronklik is daar altyd gepraat van "Polytechniese" skole, waarin die begrip van "allerlei kunste of ambagte" dan opgesluit lê. Vir praktiese doeleindes kan die tegniese onderwys tans beskou word as die soort onderrig wat te doen het met die sistematiese en wetenskaplike gebruik van werktuie en materiaal, d.w.s. waarby vaardigheid en spesiale kennis vereis word.

II. Vakonderrig: In teenstelling met akademiese onderrig sluit hierdie term die studie van alle vakke in. Hieronder sou dus ook val tegniese onderwys maar ook ander vakke of ambagte, soosHuishoudkunde, Handel, Landbou, ens. Dit staan soms ook bekend as beroepsonderwys.

III. Beroepsonderwys is egter weer 'n term van wyer omvang, want die woord dui tog aan dat dit mense voorberei vir 'n beroep, en die term dek dus alle onderrig wat bedoel is vir die opleiding tot beroepe; gevolglik kan hieronder ingesluit word opleidingskolleges vir onderwysers, kweekskole vir predikante, ens.[2)]

---

1) Jaarverslag : Unie-Onderwysdepartement, 1925, bl. 49.

2) J.E. van Zyl: "Werk," No. 52, bl. 30 - 32; vgl. ook "Report: Transvaal Education Department 1915, bl. 100 - 2.

# HOOFSTUK II.

## GESKIEDENIS VAN DIE LEERPLANNE TOT 1925.

Soos uit die vorige hoofstuk blyk, sal moet nagegaan word wat die aard van die leerplan van die Potchefstroomse inrigting was, asook wat te Middelburg en Wolmaransstad gedoen is, terwyl die leerplanne wat deur die Transvaalse Organiseerder van Tegniese Onderwys in 1917 1) uit die ervaring van die ambagskole te Pretoria en Johannesburg opgestel is, as leidraad sal dien, en die leerplanne soos opgestel deur die Regering, (Unie-Onderwysdepartement) nl. deur die Nasionale Adviserende Raad, noukeurig nagespoor sal word vir sover hulle betrekking gehad het of sou hê op die Hoër Tegniese Skole in Transvaal.

### 1. Die leerplanne van die Ambagskole te Pretoria en Johannesburg.

Die toelatingskwalifikasie was std. IV (die laerskoolkursus, en die leerling moes nie jonger as 13 jaar wees nie. By toelating het alle leerlinge 'n proefperiode in 'n kursus van algemene werkswinkelpraktyk deurgemaak. Dit was 'n soort keuringstoets tot 'n bepaalde ambag. Wanneer die leerling dan in 'n ambag geplaas is, is hy versoek om 'n verdere drie jaar ingeboek te word as vakleerling op die gekose ambag. Ons moet egter daarop wys dat teen 1915 die duur van die kursus deur ervaring verander is, en hierdie verandering was ook een van die verskille tussen die twee ambagskole. W.J. Horne gee 'n grondige rede in sy Jaarrapport van 1915 (bl. 89-92) waarom die kursus te Johannesburg twee jaar en die te Pretoria twee of drie jaar moes duur. Die hoofredes was die toelatingsouderdomme, die standerd waarin geslaag is en uitplasingsfasiliteite. Behalwe die ambagsopleiding wat ontvang is onder die toesig van bekwame instrukteurs, is die primêre opvoeding van

1) Transvaal Educ. Dept.: "Trades School Courses"- sien voorwoord.

die leerling voortgesit van die vyfde tot die sewende standerd, en hierdie onderrig is van net soveel waarde geag as die ambagsopleiding. Die instrukteurs kon nie van die hak op die tak spring nie maar moes onderrig volgens voorgeskrewe leerplanne wat vir elke ambag opgestel is, terwyl in die skoolafdeling lees, skrywe en opstel, geskiedenis en aardrykskunde, rekenkunde, algebra en meetkunde, tekene en natuurwetenskap op so'n wyse gedoseer is dat dit in direkte verband sou staan met werk in die werkswinkel. Die teorie van die ambag is eers in die derde jaar ingevoer. Die leerling is ook geleer om die koste van werk wat op die ambag verrig is, te kan bereken. Na voltooiing van die ambag was die veronderstelling dat die leerling as vakleerling in sy ambag in een of ander kommersiële werkswinkel sou gaan werk, en dan ook sy studie verder sou voortsit deur die aandklasse, by die ambagskool gereël, by te woon. 1)

Die dagskool se skooldag is verdeel in twee sessies: van 8.30 vm. tot 1 vm. en van 2 nm. tot 5 nm. Maandae, Dinsdae, Donderdae en Vrydae was die eerstejaars op skool en in die namiddae op die ambagte. Woensdag- en Saterdagoggende was hulle ook in die werkswinkels, maar Woensdagmiddag kon gebruik word om verskillende lokale, plekke van belang vir 'n ambagsman, te besoek. Wanneer geen besoek gereël is nie, is voortgegaan met die werk in die werkswinkel. Saterdagmiddae was die leerlinge vry. Daar was net twee vakansies in die jaar: aan die einde van die jaar en 'n kort wintervakansie plus die gewone publieke vakansiedae. Die rangskikking van die leerplan kan vergelyk word met die sogenaamde "sandwich"-sisteem wat by die Universitêre Tegniese Kolleges in swang was, waar die bywoning van die dagklasse van die kollege elke halfjaar omgewissel is deur die bywoning

---

1) Die werk van die aandklasse val egter buite hierdie ondersoek.

van kommersiële werkswinkels. Die verskil tussen die kollege en die ambagskool in hierdie sisteem was dat by die ambagskool die werkswinkelpraktyk in die middag van die skooldag gevolg het in plaas van ses maande later, soos by die kollege; en by laasgenoemde was die werkswinkels ook aparte inrigtings, terwyl die ambagskool se werkswinkels aan die inrigting verbonde was.

Die werksaamhede van die ambagskool was volgens die rooster-indeling soos volg:[1)]

| | STD. V. 1ste Jaar of Klas 1. 1-12 mde. | | STD.VI. 2de Jaar of Klas 2 12-24 mde. | | STD.VII 3de Jaar of Klas 3 24-36 mde. | | RES VAN TYD OF KLAS 4. 36-42 mde. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| SKOOLAFDELING. | PRET. | JOH. | PRET. | JOH. | PRET. | JOH. | PRET. | JOH. |
| Matesis | 5 | 10 | 6 | 8 | 4 1/6 | 4½ | - | 4 |
| Kantoorwerk | - | 1 | - | - | 1 1/6 | - | - | - |
| Natuurwetenskap en toegepaste wiskunde ...... | 4 | 7 | 3 | 7 | 7 1/6 | 4 | 8 | 4 |
| Toegepaste Tekene ........ | 4 | 3½ | 4 | 3½ | 4½ | 2 | 3 | 3 |
| Engels ........ | 1 | - | 1 | - | 1 | - | - | - |
| Geskiedenis .... | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - |
| Aardrykskunde.. | 1 | 2 | 1 | 1 | - | - | - | - |
| Ure Skoolonderrig.. | 16 | 24½ | 16 | 19½ | 18 | 10½ | 11 | 11 |
| Werkswinkelpraktyk .......... | 24 | 14 | 24 | 19½ | 22 | 30½ | 30 | 30½ |
| Pouse ......... | 7 | 8½ | 7 | 8 | 6 | 6 | 6 | 5½ |
| Aantal ure per week .......... | 47 | 47 | 47 | 47 | 47 | 47 | 47 | 47 |

Soos uit bostaande roosterontleding blyk, is te Johannesburg in die eerste jaar meer tyd gewy aan die skoolvakke; die tweede jaar is die tyd gelykop verdeel, en die laaste agtien maande is hoofsaaklik aan die ambag bestee. Dit is ook

1) W.J. Horne: "The Trades School in the Transvaal," bl.19-20.

opmerklik dat by die skool geen taalonderrig was nie. Pretoria het die eerste twee jaar dieselfde uurverdeling tussen skool en ambag gehad met meer aandag aan die ambag gedurende die laaste agtien maande.

Onder wiskunde is ingesluit: rekenkunde, algebra, meting en meetkunde. Laasgenoemde het in die derde jaar ingesluit die praktiese ondersoek van stellings. Die kantoorwerk het bestaan uit boekhou, kosteberekenings, die lees van spesifikasies en oefening om vir werk te "tender." Natuurwetenskap en toegepaste wiskunde het bestaan uit algemene elementêre natuurwetenskap volgens die gewone skoolkode vir std. VI en VII en het later ontwikkel tot tegniese hitte, elektrisiteit, werktuigkunde, ens.; materiale, konstruksie en berekeninge wat algemene vrae ingesluit het bevattende verduidelikings en toetsing van materiale aangaande hul aard en aanpasbaarheid vir verskillende doeleindes. Toegepaste tekene het ingesluit: preliminêre tekene volgens die laerskoolleerplan plus werk van 'n meer tegniese aard; ambagstekene, wat ingesluit het masjienkonstruksie en die teken van enginieurwerktuigkunde; geometriese tekene. Engels, geskiedenis en aardrykskunde is onderrig volgens die gewone skoolleerplan maar benader vanuit 'n ekonomiese en industriële standpunt.

Die ambagte was die volgende:-

Smedery, wat ingesluit het werktuigkunde en wa-smidswerk, hoefsmedery en algemene gereedskapsmedery;

Houtwerk, wat ingesluit het bouersskrynwerk, meubelmakery en patroonmakery;

Elektrisiëne afdeling: insit van drade, ankerwikkelary en eenvoudige winkeltoetsing van onafgebroke- en wisselstroominstallasie en instrumente;

Enginieurswerktuigkunde: draai en pas, - wat weer werk insluit oor die boorfatsoen- en kartelwerktuie; die stel en eenvoudige toetsing van stoom- en ander werktuie en kennis van eenvoudige (metaal-) gietery;

Loodgieters, wat insluit plaatmetaalwerk met yster, koper, geelkoper, lood en sink; sanitasie, riolering en watertoevoer;

Wamakery, wat insluit bakbou en die verf van voertuie, asook kennis van dekoreerwerk en heraldieke verfwerk (net te Johannesburg).

Drukkersbedryf is net te Pretoria onderrig, maar dit is gestaak weens die houding van die lokale Drukkersvereniging. Hulle het in die koerante die ouers gewaarsku om nie hul kinders na die ambagskool te stuur om hierdie ambag te leer nie: hulle het bly glo aan die ou metode van vakleerlingskap. Hierdie ambag is te Johannesburg in 1921 weer begin, en dieselfde jaar is ook ketelmakery ingevoer.[1)]

Die algemene aard en standaard van die werk het saamgehang met die doel van die skole, wat in Afdeling C, Hoofstuk I(b) behandel word. Die sillabusse vir die verskillende ambagte is nie gepubliseer voor 1917 nie, omdat, soos die Organiseerder van Tegniese Onderwys in Transvaal verklaar, hy dit eers wou onderwerp aan 'n deeglike toets deur ervaring in hierdie land.[2)] In die inleiding van die Handboek[3)] word die algemene leerplanne bespreek. Die onderrig het in twee dele geval, nl. (1) die algemene en tegniese instruksie wat die leerling in die klaskamer ontvang het, en (2) die praktiese opleiding wat in die werkswinkel of tekenkantoor verskaf is. Die samestelling van die leerplan is veral bemoeilik deur die feit dat die leerlinge by toelating nie almal van dieselfde standaard was nie. So word daarop gewys dat as al die leerlinge byvoorbeeld in besit was van die std. VI-sertifikaat, sou daar 'n tweejarige of driejarige kurrikulum vir sowel die skoolafdeling as die

---

1) W.J. Horne: "The Trades School in Transvaal," bl. 21.

2) "Report : Transvaal Educ. Dept. 1912," bl. 179.

3) "Trade School Courses - Transvaal Educ. Dept.," Staatsdrukkery, Pretoria, 1917.

werkswinkel kon bestaan. In sy jaarverslag van 1915 (bl. 95) wys die Organiseerder van Tegniese Onderwys verder daarop dat by albei skole van die leerlinge met std. VI of std. VII of hoër nooit natuurwetenskap gehad het nie; die ander se matesis was karig: hulle het miskien nooit gehoor van algebra nie, terwyl meetkunde heeltemal vreemd was. Hierdie vakke is essensieel by 'n tegniese opleiding (volgens die Organiseerder), en om nou hierdie genoemde gevalle by die leerlinge te plaas wat van kursus I tot kursus II bevorder is (soos sal blyk), was tot eersgenoemdes se nadeel - 'n probleem waarmee vandag nog gesukkel word. Om die leerling 'n standerd terug te plaas is in baie gevalle nie deur die ouers sowel as die kind verstaan nie en het gelei tot openlike ontevredenheid. Op daardie tydstip was dit egter nie moontlik om so'n kwalifikasie te verg nie, want baie van die leerlinge met gevorderde ouderdom het net in std. VI of std. V geslaag, en dit was juis hulle wat by 'n ambagskoolopleiding sou baat. Hulle kon dus nie uitgesluit word nie, want die skool het bestaan vir die leerling en nie die leerling vir die skool nie.

Vanaf 1919 is die toelatingsvereiste tot die Johannesburgse skool verhoog tot std. VI met die voorlegging van die Laerskoolsertifikaat, terwyl dit te Pretoria verhoog is tot std. V.[1)]

Hierdie moeilike probleem van toelating het sig veral in die organisasie van die klaskamerwerk laat geld. Die kursus is derhalwe soos volg saamgestel: Daar was vier kursusse, waarvan die eerste twee bedoel was om die std. IV- en std. V-leerlinge voor te berei. Die std.IV-leerlinge het met kursus 1 begin en die std. V-leerlinge met kursus 2. Hierdie twee kursusse

---

1) "Report: Transvaal Educ. Dept.," 1919, bl. 84.

is so prakties en beroepskundig moontlik gemaak. Daarna het die twee eintlike tegniese kursusse gevolg waarmee die standerdsessers begin het, en die normale kursus was dus eintlik twee jaar. Nadat die kursus van drie tot twee jaar verminder is, het dit beteken dat die st. IV- leerling die eintlike tegniese kursus moes ontbeer, en die st. V-leerling kon net kursus 3 voltooi mits hy elke jaar suksesvol was; maar daar is veronderstel dat die leerling deur voortsettingsklasse na verlating van die skool die Ambagskool Sertifikaat sou verwerf. (Vir die spesifieke sillabusse verwys ons na die genoemde Handboek)[1].

Die twee sertifikate waarvoor al die ambagskoolleerlinge sig voorberei het, was die Primêre Skool Sertifikaat en die Transvaalse Ambagskool Sertifikaat.[2] Die volgende tabel toon hoe die leerlinge gepresteer het aan albei inrigtings tot 1915 in eergenoemde eksamen:[3]

PRIMêRE SKOOL SERTIFIKAAT.

| JAAR | PRETORIA. | | | | JOHANNESBURG. | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | VI | | VII | | VI | | VII. | |
| | Ingeskryf | % geslaag | Ingeskryf | % geslaag | Ingeskryf | % geslaag | Ingeskryf | % geslaag. |
| 1911 | 16 | 81 | 14 | 86 | - | - | - | - |
| 1912 | 11 | 82 | 9 | 78 | 14 | 70 | 25 | 80 |
| 1913 | 1 | 100 | 7 | 71 | - | - | 48 | 70 |
| 1914 | 10 | 90 | 6 | 100 | 27 | 78 | 23 | 70 |
| 1915 | 24 | 67 | - | - | - | - | - | - |

Die Transvaalse Ambagskool Sertifikaat is in 1912 ingestel.[4] Die hoofdeel van die eksamen het bestaan uit sekere praktiese werk in elke ambag in die uitvoering van sekere ambagstekene. 'n Kandidaat het in die hele eksamen ge-

1) Transvaal Educ. Dept.: "Trade School Courses" bl. 7-72.
2) "Report: Transvaal Educ. Dept.," 1912, bl. 179 en 1915, bl. 95-6.
3) Ibid. 1915, bl. 96.
4) Ibid. bl. 96.

druip as hy in sy praktiese werk onsuksesvol was. Sover moontlik is eksterne eksaminatore vir hierdie eksamen aangestel. By die toekenning van albei sertifikate is in aanmerking geneem die punte in toetse behaal. Die leerlinge is ook toegelaat om in te skryf vir aandklas-eksamens in tegniese vakke, jaarliks gereël deur die "South African School of Mines and Technology" en deur die "City and Guilds of London." Die twee skole het ook gekompeteer vir pryse wat deur die Landboukundige Verenigings van Pretoria en Johannesburg uitgereik is. Aan elke leerling wat een van die inrigtings verlaat het na bevrediigende bywoning van die klasse, is 'n "kontrak van vakleerlingskap" uitgereik, waarop aangedui is wat hy in die tyd gepresteer het, en dit sou vir die toekomstige werkgewer 'n handleiding van die leerling se bekwaamheid wees.

In 1916 is die Preliminêre Tegniese Sertifikaat (std. VII) van die Nasionale Adviserende Raad ingevoer, terwyl die departementele Ambagskool Sertifikaat behou is.

Die eerste eksamenrapport i.s. die Ambagskool Sertifikaat word gevind in die Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys van 1919 (bl. 215), waar melding gemaak word van die volgende vakke waarin eksamen afgelê is (agter elke vak word aangedui wat die vereiste persentasie was om te kan slaag): werkplaatstoets (70), gereedskap en bewerkinge (40), materiale ens. (30), vaktekene (30), tegniese werktuigkunde (20), natuurwetenskap (skriftelik en praktiese) (20), kantoorpraktyk (20), opstel (20).

Hieruit kan afgelei word dat die hoofklem op die werkswinkelpraktyk geval het. Volgens die Organiseerder van Tegniese Onderwys[1] is 12 ½ persent van die totale roostertyd gewy aan die sogenaamde kulturele vakke.

---

1) "Report: Transvaal Educ. Dept.," 1920 bl. 118-121.

Dit was die posisie tot 1 April 1925, toe alle beroepsonderrig oorgegaan het na die Unie-Onderwysdepartement.[1] Hierdie ambagskole het 'n integrale deel gaan vorm van die Tegniese Kolleges te Pretoria en Johannesburg, en die verdere werk en geskiedenis van hierdie inrigtings val buite die bestek van hierdie ondersoek. Soos reeds hierbo gemeld, het die ambagskole die Preliminêre Tegniese Sertifikaat van die Nasionale Adviserende Raad in 1916 ingevoer, en ons gaan nou oor tot 'n nader beskrywing van die werk van hierdie liggaam, wat vandag as die Eksamenafdeling onder die Unie-Onderwysdepartement verantwoordelik is vir die samestelling en hersiening van die leerplanne en eksamens ~~van die leerplanne en eksamens~~ van beroepsonderwys in die Unie.

(2) <u>Die Nasionale Adviserende Raad:</u>

Hierdie liggaam is in die lewe geroep deur die Regering, wat geen direkte kontrole oor die aktiwiteite van beroepskundige inrigtings gehad het nie, om adviserend op te tree, en dit het deur middel van eksamens gepoog om die verskillende aktiwiteite op die gebied van beroepsonderwys te koördineer, en die betrokke inrigtings sodoende te lei in die opstelling en rangskikking van geskikte leerplanne wat direk met betrekkinge of beroepe in verband sou staan.[2]

In November 1911 is te Pretoria deur die Minister van Onderwys 'n konferensie belê in verband met tegniese, industriële en kommersiële onderwys, en o.a. is die volgende besluite geneem:[3] (a) dat al die leerplanne in verband met tegniese opleiding volgens sillabusse moes wees, en hierdie sillabusse moes meer uniformiteit besit; (b) dat 'n

---

1) "Report: Transvaal Educ. Dept.," 1925 bl., 77.

2) "Report: Union Educ. Dept.," 1920 bl. 18; vergelyk ook dr. J.J. Liebenberg: "Die Geschichte des Berufs- und Fachschulwesens in Südafrika," bl. 106-111.

3) "Report: Union Educ. Dept.," 1912 bl. 3, en vergelyk "Conference on Technical, Industrial, and Commercial Education," 8th-10th Nov. 1911, bl. 9, afdeling E.

Nasionale Adviserende Raad vir Tegniese Onderwys in die lewe geroep word om in die algemeen met sillabusse, eksamens en die uitreiking van sertifikate te handel, en (c) dat by die uitreiking van die betrokke sertifikate ook die klaswerk gedurende die jaar in aanmerking geneem sou word.

'n Volgende konferensie is belê, en daar is die doel en werk van die Raad nader bepaal, nl. dat die Raad hom nie sou inmeng in enige aangeleentheid rakende die werk wat verrig word as deel van die kurrikulum in enige primêre of sekondêre skool wat nie onder die verskillende takke van tegniese onderwys geval het nie, en die funksie van die Raad sou suiwer raadplegend en adviserend wees. Gevolglik sal ons dus nie net die leerplanne en eksamens, soos deur die Raad van tyd tot tyd saamgestel, ondersoek nie maar ook wys op die aanbevelings en bevindings van die Raad as 'n adviserende liggaam van tegniese onderwys in die algemeen.

Die eerste vergadering van die Raad is gehou op 14 November 1912 te Pretoria[1] en was soos volg saamgestel: die Onder-sekretaris van Onderwys (Voorsitter), die vier Direkteurs van Onderwys van elke provinsie, A.B. Reid verteenwoordiger van die "South African Manufacturer's Association," W.J. Cattell vir die "Associated Chambers of Commerce," J.G. Lawn vir die "Mining Industry," D.A. Hendrie vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë, ds. D.J. Pienaar vir die Industriële Skole en belange van die armblankes. Die vergadering is in komitees verdeel, en elke komitee sou gegewens inwin oor spesiale aspekte van tegniese onderwys in die Unie en sou dan verslag doen by die volgende vergadering.

Die Raad het jaarliks vergader.

Die Raad het die tweede keer vergader op 21 Februarie 1913[2] in Kaapstad, en die gekose komitees het verslag gelewer. Daar is eerstens onderskei tussen die verskillende inrigtings wat betrokke was by tegniese onderwys, soos gedeeltelik aangestip op bl. . Wat die leerplanne betref

1) "Report: Union Educ. Dept.," 1912, bl. 5.

2) Ibid. 1913, bl. 5.

wys ons op die volgende aanbevelings: die leerplan van die industrieskole moes van dieselfde standaard wees as die van die gewone laerskool, maar daar die spesiale funksie van die industrieskole in ag geneem word, moes die kurrikulum rekbaar wees met 'n uitgesproke tegniese en kommersiële basis. Wat die ambagskole betref, het die aanbevelings grootliks ooreengekom met die sienswyse en werkswyse wat aan die twee ambagskole in swang was. Om die werk van die Raad doeltreffender te kon maak en om uniformiteit en koördinasie in tegniese onderwys in die Unie teweeg te bring en te behou, is die aanstelling van 'n Tegniese Adviseur bepleit, en agtien maande later is Percy Coleman aangestel. Sy eerste werk sou wees om sillabusse vir tegniese vakke saam te stel.

In 1914 het die Raad ten gevolge van die oorlog nie vergader nie, maar in 1915 het die volgende onder bespreking gekom:[1] Die gewone verpligte onderwys moes verhoog word tot std. VI, sodat daar 'n basis vir tegniese onderwys kon vasgestel word. Dit, terloops, is ook deur die Organiseerder van Tegniese Onderwys in Transvaal sterk bepleit, maar hy het ook gewys op die probleme wat so'n stap op daardie tydstip sou meebring.[2] Daar is verder aanbeveel dat die periode van opleiding in beroepsonderwys verpligtend moes wees. Die leerlinge moes ook wel deeglik kon toon dat hulle sou baat by 'n tegniese opleiding: hulle moes die bekwaamheid besit en 'n std. VI-sertifikaat kon toon. Verder is regulasies vir die Preliminêre Tegniese Sertifikaat ingedien, en hierdie sertifikaat sou dien as 'n toelatingskwalifikasie tot tegniese werk as sodanig.

Die volgende jaar is hierdie sertifikaat in die ambagskole ingevoer, soos reeds vermeld. Hierdie Sertifi-

1) "Report": Union Educ. Dept.," 1915, bl. 27.

2) Sien "Report: Transvaal Educ. Dept.," 1915, bl. 92.

het die volgende vakke ingesluit:[1] Burgerleer, een van die offisiële tale, Matesis, Tekene en Wetenskap (of Houtwerk). Die eerste twee vakke kon 'n jaar voor die ander gekies word, maar alvyf vakke was nodig vir die sertifikaat. Hierdie preliminêre tegniese kursus moes direk na die std. VI volg en sou in die dagskool van die ambagskool een jaar verg, terwyl deeltydse klasse die kursus binne twee jaar kon dek.

Op die Preliminêre Tegniese Sertifikaat het gevolg die Nasionale Tegniese Sertifikaat. Soos onthou sal word, het die twee ambagskole onder die Transvaalse Departement na voltooiing van die Preliminêre Tegniese Sertifikaat voorberei vir die departementele Ambagskool Sertifikaat en nie vir die Nasionale Tegniese Sertifikaat nie. Hierdie twee sertifikate was egter omtrent van dieselfde standaard, maar laasgenoemde was eintlik bedoel vir leerlinge wat reeds in een of ander ambag werksaam was - dus vir deeltydse leerlinge. Die Nasionale Tegniese Sertifikaat van die Nasionale Adviserende Raad het ingesluit: Matesis, Toegepaste Meganika, Masjienkonstruksie, en Tekene asook eenvoudige Elektrotegniek of Meganiese Ingenieurswese en Hittewerktuie.

Hierop het weer gevolg die Gevorderde Tegniese Sertifikaat, wat twee jaar na die Nasionale Tegniese Sertifikaat kon verwerf word. Vandag word in die Hoër Tegniese Skole hoofsaaklik net voorberei vir die Preliminêre Tegniese Sertifikaat en die Ambagskool Sertifikaat (vandag gewysig en die name verander, sien bl. 55 ), en ons sal ons net beperk tot die ontwikkelingsgang van hierdie twee sertifikate.

In die Raad se rapport van 1918 is nogmaals gekla dat hulle werk grootliks aan bande gelê is deur gebrek aan die nodige samewerking op tegniese gebied.[2]

---

1) "Report : Union Educ. Dept.," 1917, bl. 58.
2) "Ibid." 1918, bl. 28.

Die Raad is vervang deur "Die Adviserende Komitee" en het bestaan uit 21 lede as verteenwoordigers van die Onderwys-departemente, Tegniese Kolleges en Institute en die "Chamber of Commerce".

In 1919 is die eerste vergadering gehou en word 'n oorsig van die werk gegee.[1] Die verskillende eksamen-sisteme is beter gekoördineer, sodat 'n volledige reeks sertifikate kon bestaan om te strek van die end van die laerskoolkursus. Die doel was om in 1920 die hele werk van standaardisering van sillabusse en leerplanne vir alle sertifikate deur die Departement uitgereik, volledig te hê. Daarom kon hierdie liggaam in 1921 soos volg rapporteer: "Great care is taken to preserve a reasonable and not too low standard, and there is now little reason for recourse to overseas examinations in any branch of vocational education."[2]

Voordat die ontwikkeling van die twee genoemde sertifikate (die Preliminêre Tegniese Sertifikaat en die Ambagskool Sertifikaat) nagegaan word, is dit nodig om eers vas te stel wat tot dusver op die plattelandse ambagskool (Potchefstroom) gedoen is.

3. Die werkprogram van die Potchefstroomse Inrigting:

Sover nagespoor kon word, was daar in die ware sin van die woord geen vasgestelde of goed omlynde leerplan vir die Potchefstroomse inrigting voor 1925 nie. Aanvanklik het die leerlinge net primêre onderrig ontvang, maar weldra is ingesien dat hierdie soort opleiding nie voldoende was nie, en dat hulle ook beroepsopleiding moes kry.[3] Laat in 1906 is die werkswinkels geopen met die

---

1) "Report: Union Educ. Dept.," 1919, bl. 59.

2) Ibid., 1921, bl. 17.

3) Dr. J.J. Liebenberg: "Werk," No. 24, bl. 25.

volgende ambagte: looiery, kabinetmakery, kleremakery, skoenmakery, smids-en-wamakery.[1] Die Organiseerder van Tegniese Onderwys, W.J. Horne, het taamlik duidelik onderskei tussen die ambagskole en industrieskole[2] en gesê dat die eerste oogmerk van laasgenoemde moet wees om die onderrig so in te rig dat dit die leerling sal bekwaam vir werk op die platteland. (sien hiervoor ook Afd. C, Hoofstuk I(b)). Die ambagte hierbo genoem, is dan spesiaal ingevoer met die doel om die inrigting aan sy doel as industrieskool te laat beantwoord, m.a.w. ambagte wat nuttig te pas kom by die plaasindustrie of plattelandse dorpe. Die fundamentele ambagte vir algemene gebruik op die plaas is vasgestel as houtwerk, ruwe messelwerk en smidswerk. Geen onderrig is ontvang in die tegniese en wetenskaplike beginsels van die ambag nie.

Die ouers of voogde het met die Prinsipaal (Superintendent) 'n ooreenkoms gesluit waarvolgens die kind tot sy veertiende jaar in die inrigting moes bly. Na voltooiing van std. III of die bereiking van veertienjarige ouderdom kon die leerling deur die Skoolkomitee as vakleerling onder toesig van die Hoof geplaas word vir 'n verdere tydperk van nie minder as drie en nie meer as vyf jaar nie. Terwyl die leerling sy ambag leer, moes hy ook die skool besoek totdat hy in die sesde of sewende standerd geslaag het. Vyf dae in die week het die leerlinge twee uur per dag onderrig ontvang in lees, skrywe en rekene. "Zulk onderwys zal gegeven worden overeenkomstig schikkingen door die Commissie gemaakt, mits de Direkteur van Onderwys uit het rapport van den Inspekteur van scholen overtuigd is, dat alle leerlingen voldoende vordering maken in de Engelsche taal."[3] Die kinders onder std. III, dus diegene wat nog nie ambagsonderrig ontvang het nie, het vyf uur per dag skoolgegaan.[4]

---

1) "Report: Transvaal Educ. Dept.," 1912, bl. 188.
2) Ibid. bl. 186.
3) Dr. J.J. Liebenberg: "Werk," No. 24, bl. 28.
4) Ds. Fick: "Tweede Jaarverslag," 1907, bl. 3.

Elke leerling het weeklikss een dag in die tuin gewerk, wanneer hy dan onderrig ontvang het in tuinbou. Die totale aantal ure vir teoretiese en praktiese onderrig moes nie meer as sewe uur per dag wees nie. Saterdag is net gedurende die voormiddag gewerk.[1)]

Die meisies het hulle tot Mei 1910, toe die seuns en meisies in aparte geboue, vyf myl van mekaar maar onder dieselfde bestuur tot 1930, besig gehou met kleremakery, rokkemakery en huishoudelike werk, maar hierdie afdeling, wat later ontwikkel het tot die Huishoudskool, val buite die bestek van hierdie verhandeling.[2)] In 1912 is 31 seuns (en agt meisies) oorgeplaas na Olifantsfontein om opgelei te word in verskillende vertakkings van pottebakkery.[3)]

Soos vermeld, was die ambagte waarmee begin is: looiery, kabinetmakery, kleremakery, skoenmakery, smids- en wamakery. In sy Tweede Jaarverslag maak ds. Fick melding van 'n skilderwinkel. Dit is geopen as 'n eksperiment en was nie op dieselfde grondslag as die ander werkswinkels nie. 'n Bekwame skilder het met toestemming van die Bestuur op eie koste 'n skilderwinkel dig by die ander werkswinkels geopen, sy gereedskap en materiaal verskaf en hetal die skilderwerk aan die inrigting gedoen teen 'n 25 persent laer tarief. Hy het aan 'n klompie leerlinge gratis onderrig in die ambag verskaf. Die ontwikkeling van die ambagte aan die inrigting was soos volg: looiery en skoenmakery het doodgeloop, maar 'n landbou-afdeling is ingevoer tot 1937, terwyl 'n paar jaar gelede die kleremakerafdeling gesluit is,[4)] en vandag beskik die inrigting

---

1) Ds. Fick: "Tweede Jaarverslag," 1907; vgl. ook dr. J.J. Liebenberg: "Werk," No. 24, bl. 28.
2) Dr. J.J. Liebenberg: Ibid.
3) "Report: Transvaal Educ. Dept.," 1912, bl. 88, & 187.
4) Gegewens van mnr. F.A. Marais, wat vanaf 1913 aan die inrigting verbonde is as Instrukteur; hy het ook sy opleiding daar ontvang.

oor die volgende ambagte: houtwerkers (meubelmakery en skrynwerk), Grofsmede, wamakers, skilders, loodgieters en messelaars. Volgens die Regulasies No. 40 moes die algemene voorwaardes van die ambagsonderrig heeltemal ooreenkom met die regulasies vir die bestuur van werkplase en fabrieke, met hierdie nota daarby: "dit is belangrik dat die leerlinge hulle ambagte sou leer deur die gebruik van handgereedskap so veel as moontlik; die oogmerk was dat die leerlinge later in staat moes wees om 'n bestaan te verseker in sulke plekke of dorpe waar masjienerie omtrent onbekend was."[1] (Vandag word die mees moderne masjienerie gebruik.)

Die verskillende instrukteurs moes hulle eie werkskema opstel en aan die Superintendent van die inrigting en die Inspekteur van die Departement ter goedkeuring voorlê. Ons vind egter dat van die instrukteurs baie van die werk self gedoen het, en daarteen het die Inspekteur beswaar gemaak, en hy het ook die werkskemas onvoldoende gevind. "The work in the various departments appears to be eminently practical. At the same time it should be remarked that the instructors evidently vary considerably in their capacity for giving instruction; there is a danger that the trade teachers may do too much themselves and regard their pupils rather as tool holders than apprentices. It might be well for the various instructors to formulate a course of instruction in their trades. If this is not done, it is possible that the boys may pass through one of the shops without having acquired experience and skill in every essential part of his trade."[2] Hierdie optrede van die instrukteurs kan verklaar word uit die feit dat die inrigting moes bydra tot die finansies,[3] en van die ver-

---

1) Oorspronklike bron: Departementele brief E.D.5., No. 25/31/06.
2) Ibid. No. 25/31/06.
3) Verslag: Unie-Onderwysdepartement, 1927, bl. 43.

skillende werkswinkels is verwag dat jaarliks 'n sekere bedrag sou ingebring word; derhalwe het die leerlinge skade gely in sy onderrig en was die werkskema dikwels ingerig volgens die werk voor hande.

In die skoolafdeling was die leerplan beperk tot die "three R's" en Bybelse geskiedenis. Jaarliks het die departementele Inspekteur die inrigting besoek en die bevorderings gedoen soos blyk uit die ou "Log-books" van die inrigting.[1] Volgens hierdie joernale (waarin ook verskyn die inspeksierapporte van die Inspekteurs) sien ons die ontwikkelingsgang van die leerplan en meegaande organisasie soos volg: Op 23 Julie 1907 is die skool as 'n aparte inrigting geopen. Tot 30 Junie 1907 het die skool saamgewerk met die Regeringskool te Vyfhoek. Die eerste leerkragte was mej. van Reenen en mnr. Malherbe, wat 150 leerlinge moes besig hou. Die onderwysers moes 'n werkverslag hou, en in Julie 1911 vind ons die volgende aantekening: "The teachers were motified to draw up a syllabus of work for the next six months. Then they were required to write notes of lessons on each day's work and to hand such in to the Principal at the end of each week."

Volgens die genoemde Regulasies moes die skool die laerskoolleerplan van die Transvaalse Onderwysdepartement volg. Volgens die Handboek[2] sou die laerskoolkursus bestaan uit: Bybelse geskiedenis en Sedeleer, Engels, met sy onderdele praat, lees, resitasie, skryf, stelwerk en grammatika, Nederlands, met sy onderdele (dieselfde as vir Engels), Natuurkennis, Naaldewerk

---

1) Oorspronklike bronne: Hierdie weeklikse verslae van die skoolafdeling is gehou deur die Prinsipaal van die skoolafdeling. (Vgl. "Regulations for the control and Management of the Potchefstroom Industrial School" 1905, 1917, 1923.)

2) Dept. van Onderwys, Transvaal: "Lagere en Middelbare Scholen: Bepalingen en Leergangen", bl. 18.

(meisies), Tekene, Sang, Gimnastiek. Volgens regulasie kon 'n skool egter sekre vakke weglaat as die fasiliteite nie beskikbaar was nie.[1]

Die Inspekteur maak in sy inspeksierapport van 1912 melding daarvan dat van die leerlinge van die Ambagskool daardie jaar vir die eerste keer ingeskryf is vir die Laerskoolsertifikaat (std. VI) in die twee tale en rekenkunde. In die inspeksierapport van 1913 wys die Inspekteur daarop dat aangesien daar geen plek in die kurrikulum kon ingerig word vir die vakke Aardrykskunde en Geskiedenis nie, kennis aangaande hierdie vakke tog kon bygebring word deur die gebruik van aardrykskundige en geskiedkundige leesboeke, en die onderwysers is gevra om na aanleiding van die leesboeke soveel moontlik informasie te verstrek rakende hierdie twee genoemde vakke.

Nadat die leerlinge in std. VI geslaag het, het hulle pal na die werkswinkels gegaan, maar die Inspekteur het aan die hand gedoen dat leerlinge wat byvoorbeeld net in een taal geslaag het, moes voortgaan om die ander taal (waarin gedruip is) by te werk, en hierdie is in 1917 begin. In dieselfde jaar het ook die sistematiese onderrig in Geskiedenis, Tekene, Aardrykskunde en Natuurkennis begin en sou die bevordering vir die standerds bo std. III elke agtien maande in plaas van elke twaalf maande geskied. Sover nagespoor kon word, het die leerplan so gebly tot op 18 Oktober 1926, toe die klasse volgens groep- intelligensietoetse gerangskik is ter voorbereiding vir die Preliminêre Tegniese Sertifikaat van die Unie-Onderwysdepartement, wat in die volgende hoofstuk bespreek word. In 1927 het vir die eerste keer die name van leerlinge van die Potchefstroomse Ambagskool ~~verskyn~~ in die Offisiële slaaglys verskyn.[2]

---

1) Dept. van Onderwys, Transvaal: "Lagere en Middelbare Scholen : Bepalingenen en Leergangen", bl. 6.

2) Nasionale Eksamens: Amptelike Lys van Geslaagdes, Staatsdrukkers, Pretoria, 1927.

By 'n terugblik oor die aard van die werk in die Potchefstroomse inrigting tot 1925 blyk dit dat daar nie vir tegniese eksamens voorberei is nie, nog in die ambagsafdeling nog in die skoolafdeling. Watter mate van korrelasie gesoek is tussen werkswinkel en skoolafdeling, val moeilik te bepaal, en daarvan is geen oorlopende spoor gevind nie behalwe dat die Superintendent moes poog om die werk van die werkswinkel by die skoolwerk te laat aansluit; maar nêrens is gevind wat werklik in die rigting gedoen is nie. Die byvoeging van Natuurkennis en Aardrykskunde in die leerplan was egter seker nie net terwille van hulle akademiese waarde nie. Wat die tegniese aard van die leerplanne betref, was dit dan ook eers na die oorname van die inrigting deur die Unie-Onderwysdepartement dat die inrigting koers gekry het en met reg kon aanspraak maak op die benaming "Ambagskool."

In die volgende hoofstuk sal nagegaan word die ontwikkelingsgang van die leerplanne in die Transvaalse Ambagskole onder die Unie-Onderwysdepartement vanaf 1925.

# HOOFSTUK III.

## GESKIEDENIS VAN DIE LEERPLANNE - 1926-1943.

Soos in die vorige hoofstuk vermeld, is die leerlinge voorberei vir die Preliminêre Tegniese Sertifikaat (P.T.S.) en die Nasionale Ambagskool Sertifikaat.(N.A.S.) Later het die Junior Tegniese Sertifikaat (J.T.S.) die mikpunt van die meeste leerlinge geword. Ons bepaal ons dus hoofsaaklik by 'n studie van hierdie drie sertifikate, en in hierdie ontwikkelingsgeskiedenis sal nader gelet word op die twee offisiële tale. Vir die sillabusse van die ander vakke en die ambagte (teorie) verwys ons na die spesifieke Handboeke.[1)]

### 1. Inleiding.

Voordat tot 'n uiteensetting en bespreking van die verskillende leerplanne oorgegaan kan word, vind ons dit nodig om eers sekere gegewens van fundamentele belang te konstateer en dan aan die hand van hierdie gegewens 'n suiwerder prosedure van beoordeling van die ontwikkelingsgang te volg.

Die verskillende sertifikate word saamgestel deur verteenwoordigers van die industrieë en verteenwoordigers van tegniese onderwysinrigtings.[2)] Wysigings in die vereistes van sertifikate kan dus hoofsaaklik herlei word tot wysigings of ontwikkeling op industriële gebied en gewysigde opvattings oor die opvoeding, soos byvoorbeeld die doel en aard van die betrokke tegniese onderwysinrigtings, die onderrigmetodes, die behoeftes van die kind ens. Die verskillende sertifikate bring mee 'n uitgebreide eksamenstelsel - 'n studie op sigself. Die sertifikate word dus ook opgestel terwille van uniformiteit by die eksamen. Om die gewenste

---

1) Union Educ. Depart.: Handbooks, National Technical Examinations, 1923, 1927, 1929, 1933, 1936, 1940, 1943 (net in Engels verkrygbaar.)
2) Vgl. Notules van Adviserende Komitee vir Nasionale Eksamens No. E 123/115/2.

resultaat te lewer moet daar dus samewerking wees, want as die industrie sê: "Ons sien nie die nodigheid van byvoorbeeld die insluiting van vakke soos die tale en Burgerleer by sekere sertifikate nie," dan sê die onderwysinrigtings: "'n Eensydige ontwikkeling baat nie, en die vakke help om 'n beter ambagsman te lewer," of die Tegniese Kolleges sê: "Ons berei voor vir die industrieë van die die stad en lêt veral op die teorie agter die ambag en hierdie, en daardie vakke is nodig"; dan sê die departementele Hoër Tegniese Skool: "Ons lei op vir die platteland met 'n ander tipe leerling, en daardie ambagte vereis daardie vakke of gewysigde sillabusse;" en ten slotte sê die eksamenbeampte: "Bewaar die standaard of uniformiteit."

Dit mag dus nie uit die oog verloor word dat bogenoemde sertifikate nie uitsluitlik vir die departementele Ambagskole of Hoër Tegniese Skole bedoel was of is nie, maar hulle kan verwerf word deur enige leerling wat 'n voltydse kursus aan enige tegniese inrigting gevolg het. Gevolglik ontstaan sekere vrae en spruit sekere logiese konsekwensies weer uit die antwoorde en suggesties voort. As die voorbereiding of verwerwing van die Sertifikate die leerplan van die Hoër Tegniese Skole uitmaak, bepaal die leerstof die doel, en is die doel die verwerwing van die sertifikate. Die vraag volg: Wat is die doel van die Sertifikate? Dit bepaal weer die inhoud of vereistes van die Sertifikate. As die Hoër Tegniese Skool 'n bepaalde doel stel, en die doel die leerstof en metode bepaal,[1)] is die vraag of die vereistes van die sertifikate ooreenstem met die doel van die skool, want die skool stel nie volgens die doel sy eie leerplan en sertifikate op nie. Dit spreek vanself dat as die leerplan ook bestaan uit non-eksamenvakke, die doel nie uitsluitlik die voorbereiding vir of die verwerwing van die sertifikate is nie. By die oorname van beroepsonderwys in 1925 is die doel van die Hoër Tegniese Skole reeds bepaal.

1) Alle verwysings na die doel van die skole word breed-

'n Prosedure vir beoordeling van die ontwikkelingsgang van die leerplanne sal dan wees om na te gaan of die voorbereiding vir die sertifikate ook die leerplan of kurrikulum van die skole was; of was daar ook non-eksamenvakke; tweedens, of die leerplanne in ooreenstemming gebring kan word met die doel van die skole, en tot watter mate.

Soos hierbo vermeld, is voorberei vir P.T.S. en daarna N.A.S. Later is van P.T.S. gegaan tot J.T.S. of as alternatief N.A.S. Daar moet dus gelet word op die verskil tussen N.A.S. en J.T.S. Is die standaard verhoog, is groter eise aan die kind gestel? Maar daar is nog meer. Hoe word gevorder van P.T.S. tot J.T.S. of N.A.S.; is die Sertifikate apartstaande, of bou die een op die ander? Dit bring mee dat die ontwikkelingsgang van die sertifikate eintlik in twee periodes verdeel kan word, naamlik vanaf 1926 tot 1933, die P.T.S. - N.A.S.-periode, en vanaf 1933 tot 1943, die P.T.S. - J.T.S.-periode.

2. <u>Ontwikkeling van die ambagte.</u>

In 1927 het die Potchefstroomse Ambagskool offisieel oorgegaan na die Unie-Onderwysdepartement, en dieselfde jaar is die Ambagskool te Middelburg geopen.[1] Die ou Openbare Werke-kantore is vir skooldoeleindes ingerig, en 'n woonhuis (die eiendom van die Regering) het as koshuis gedien vir omtrent 30 leerlinge. Gedurende die jaar is net een ambagsafdeling, nl. houtwerk, ingestel en daarna grofsmedery. In 1929 is wamakery bygevoeg, en die leerlinge het 'n gekombineerde ambag van Smidswerk en Wamakery geneem onder twee aparte instrukteurs, m.a.w. die leerling het min of meer sy tyd eweredig verdeel tussen Smedery en Wamakery. In 1930 is Kleremakery bygevoeg, maar dit het in 1940 weer doodgeloop weens 'n tekort aan leerlinge wat die ambag wou leer.

---

1) Rapport: Unie-Onderwysdepartement, 1927, bl. 42.

In 1938 het die ambag Motorwerktuigkunde bygekom en twee jaar later Elektrisiëne-afdeling. In 1939 is Wamakery afgeskaf, ook weens 'n tekort aan leerlinge vir die betrokke afdeling. Vandag, 1945, is die ambagte soos volg: Motorwerktuigkunde, wat algemene motorherstelwerk, gaslaswerk en elementêre pas- en draaiwerk insluit, Meubelmakery, Elektrisiëne-afdeling, Smedery, insluitende gas- en elektriese laswerk.[1)]

Die skool te Wolmaransstad het begin met dieselfde ambagte wat vandag nog bestaan, nl. Kleremakery, Meubelmakery, Smidswerk en Wamakery. Smedery en Wamakery kan ook as 'n gekombineerde ambag geneem word.[2)]

Hierdie drie Hoër Tegniese Skole van Transvaal (Potchefstroom, Middelburg en Wolmaransstad), val direk onder die Unie-Onderwysdepartement, en aldrie inrigtings het vanaf die oorname dieselfde leerplanne gevolg, net soos die ander Hoër Tegniese Skole in die Unie. (Die twee laasgenoemdes is eers na die oorname gestig en het derhalwe geen ander leerplan gehad nie.) Die geskiedenis van die leerplanne vanaf 1925 geld dus vir aldrie inrigtings.

3. <u>Die P.T.S. - N.A.S.-Periode 1926 tot 1933.</u>

(a) <u>Die Leerplan van 1923.</u>[3)]

Die Nasionale Adviserende Raad het reeds voor 1925 die vereistes vir sy Preliminêre Tegniese Sertifikaat bekend gemaak (sien Hoofstuk II,(2), maar aangesien die genoemde Hoër Tegniese Skole onder die Unie-Onderwysdepatement eers na 1925 die tegniese leerplanne ingevoer het, begin ons by bogenoemde leerplan om die verband beter te kan sien.

---

1) Gegewens van mnr. Smit, Prinsipaal, Hoër Tegniese Skool, Middelburg, Tvl.
2) Gegewens van mnr. Graphorn, Prinsipaal, Hoër Tegniese Skool, Wolmaransstad, Tvl.
3) Union Educ. Dept.: Handbook, National Technical Examinations, 1923.

Die Preliminêre Tegniese Sertifikaat was 'n eenjarige voltydse kursus of tweejarige deeltydse kursus na voltooiing van die laerskoolkursus en sou dien as 'n toelatingskwalifikasie tot tegniese vakke. 'n Verdere voltydse tweejarige kursus sou die kandidaat bekwaam vir die Nasionale Tegniese Dagskool Sertifikaat of 'n eenjarige kursus vir die Nasionale Ambagskool Sertifikaat.[1)]

(i) Die Preliminêre Tegniese Sertifikaat (P.T.S.)

Kandidate moes die eksaminatore in twee groepe vakke bevredig nl.:

Groep A : (i) Burgerleer, (ii) Engels of Afrikaans.

Groep B : (iii) Matesis, (iv) Tekene, (v) Natuurwetenskap.

Geen krediet is gegee vir Groep B sonder Groep A (behalwe by spesiale uitsondering) of vir afsonderlike vakke nie. Uit Groep A kon albei offisiële tale gekies word, of nadat in Groep A geslaag is, kon tegelyk met Groep B die tweede taal geneem word. Vrystelling van Groep A was moontlik maar kon alleen geskied op voorlegging van die Junior Sertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika of 'n ekwiwalent. Dit blyk dus duidelik dat geen sertifikaat uitgereik kon word as die kandidaat nie in Groep A sowel as Groep B slaag nie. Die eksamen het jaarliks die eerste week in November plaasgevind maar 'n aanvullende eksamen in Junie is gereël vir die vakke in Groep A.

(ii) Nasionale Ambagskool Sertifikaat (N.A.S.)

Die leerplan het die volgende ingesluit:

(i) een van die offisiële tale, Matesis, Tekene, Eksperimentele Wetenskap of Werktuigkunde;

(ii) die teorie en praktyk van 'n bepaalde ambag.

Onder (i) kon additionele vakke (daar word egter nie gemeld watter nie) ingesluit word. Die skoolrooster moes so ingerig word dat nie minder as 15 uur per week geskenk word

---

1) Union Educ. Dept.: Handbook, National Technical Examina-

aan die vakke onder (i) en nie minder as 10 uur vir die vakke onder (ii) nie. Kandidate sou alleen die sertifikaat behaal as hulle in al die genoemde vakke slaag. By die toekenning van sertifikate sou die werk wat gedurende die kursus verrig is, ook in aanmerking geneem word. Die Departement sou ook sover moontlik van die doserende personeel aanstel as eksaminatore.

(b) Die leerplanne van 1927 en 1929.[1)]

(i) Die P.T.S.

Die eksamen vind nou tweekeer per jaar plaas. Daar word onderskei tussen 'n eenjarige en tweejarige kursus. Die tweejarige kursus was:
Eerste Jaar : Groep A : (i) Taal, (ii) Burgerleer, (iii) Matesis A (werkswinkelrekene), (iv) Tekene A (opsioneel), (v) Ambagsteorie A (opsioneel); en Tweede jaar : Groep B : (vi) Matesis B, (vii) Tekene B, (viii) Wetenskap B, (ix) Ambagsteorie (opsioneel). Vir die eenjarige kursus was die vakke (i), (ii), (vi), (vii), en (viii). As die kandidaat ietwat swak was in een vak van die kursus of in 'n vak in een groep, sou goeie werk in die ander vakke daarvoor vergoed.

In al die vakke word in 1929 40 persent gestel om te kan slaag. Daar sou nou ook krediet gegee word vir afsonderlike vaksuksesse, m.a.w 'n akkumulatiewe basis is ingevoer, d.w.s. elke vak waarin geslaag is, is erken totdat die vereiste vyf vakke uit die volgende behaal is: Offisiële Taal (verpligtend), Tekene (verpligtend), Natuurwetenskap, Matesis, Tweede Offisiële Taal, Burgerleer, Ambagsteorie.

---

1) Union Educ. Dept. : "Handbook, National Technical Examinations," 1927, 1929.

(ii) Die N.A.S.

Die kursus was soos volg:

(a) Taal en Letterkunde (Laer graad) (een van die Offisiële Tale), (b) enige drie vakke van 'n erkende Nasionale Tegniese Sertifikaat I-Groep, (c) die praktyk van 'n bepaalde ambag. Die Nasionale Tegniese Sertifikaat I-Groepe, waaruit drie vakke gekies moes word, was die volgende :

Elektriese Kursus: Matesis I (verpligtend), Toegepaste Werktuigkunde I, Elektriese Geleiding I, (Ambagsteorie) Fisika I en Praktiese Meetkunde I.

Werktuigkunde: Matesis I (verpligtend), Praktiese Meetkunde (verpligtend), Ambagsteorie I, Fisika I, Hittewerktuie I, Toegepaste Werktuigkunde I, Masjienchemie I.

Motorwerktuigkunde: Matesis I (verpligtend), Motorkarbou I, (Ambagsteorie, en verpligtend), Fisika I, Hittewerktuie I, Praktiese Meetkunde, Toegepaste Werktuigkunde.

Smede: Matesis I, Praktiese Meetkunde I, Ambagsteorie en Tekene, Fisika I, Toegepaste Werktuigkunde I, Hittewerktuie I.

Vormers: Matesis I (verpligtend), Praktiese Meetkunde I (verpligtend), Ambagsteorie I, Fisika I, Toegepaste Werktuigkunde I, Hittewerktuie I.

Modelmakers: Matesis I, Praktiese Meetkunde I, Ambagsteorie I, Fisika I, Toegepaste Werktuigkunde I, Hittewerktuigkunde I.

Lassers: Matesis I (verpligtend), Ambagsteorie I (verpligtend), Toegepaste Werktuigkunde, Hittewerktuigkunde I, Praktiese Meetkunde I, Fisika I.

Timmer- en Skrynwerkers: Matesis I (verpligtend), Praktiese Meetkunde I (verpligtend), Ambagsteorie (Timmer- en Skrynwerk I), Ambagsteorie I (Houtmasjieniste).

Skilders en Versierders: Matesis I, Praktiese Meetkunde I, Skilder en Versiering I.

Pleisterwerkers: Matesis I, Praktiese Meetkunde I, Pleisterwerk I.

Loodgieters: Matesis I, Praktiese Meetkunde I, Beginsels van Loodgietery I.

Die vereistes vir die verwerwing van die Sertifikaat is in 1929 nie gewysig nie, maar hier word nou ook melding gemaak van die kreditering van vak9suksesse in die kursus. Die Departement sou ook nie meer eksamens afneem in Praktiese Werk nie, maar interne toetse kon gehou word om die graad van die praktiese bekwaamheid te bepaal. Die sertifikate van die suksesvolle kandidate kon dan deur die Prinsipaal geëndosseer word, na beraadslaging met die betrokke instrukteurs, om die standaard in die praktiese werk behaal, aan te toon. (Presies dieselfde is vroeër gedoen aan die Pretoriase en Johannesburgse Ambagskole onder die Transvaalse Onderwysdepartement.)

Volledigheidshalwe moet ook vermeld word dat hoewel die vereiste vakke vir die verwerwing van die sertifikaat nie gewysig is nie, daar tog 'n klein verandering was by die keuse van die drie vakke uit die Nasionale Tegniese Sertifikaat I-Groepe. Pleisterwerkers se kursus het nou ingesluit: Matesis I, Praktiese Meetkunde, Pleisterwerk, Steenmesselwerk I en Klipmesselwerk I; terwyl aan die Groep Steen- en Klipmesselwerkers se kursus Matesis I, Praktiese Meetkunde, Steenmesselwerk I, of Klipmesselwerk I, en Pleisterwerk I toegevoeg is.

(c) Samevatting en Kritiek.

Die P.T.S. of Nasionale Tegniese Std. VII-sertifikaat (die naamsverandering het in 1943 geskied)[1] is die eerste tegniese sertifikaat waarvoor die departementele Ambagskole of Hoër Tegniese Skole leerlinge voorberei het en tans voor-

1) Sien "Union Educ. Dept. : Handbook National Technical Examinations," 1943.

berei. Hierdie sertifikaat het in 1927 ingesluit die vakke: Taal, Burgerleer, Matesis, Tekene, Natuurwetenskap, en Teorie was opsioneel. Dit blyk dat die leerling met bostaande vakke van P.T.S. die N.A.S. kon behaal. Die aansluiting word soos volg verklaar: vir die N.A.S. kon en moes met die Taal voortgegaan word, en praktiese werk was vanaf 1929 'n vereiste maar 'n interne eksamen; dus, hoewel praktiese werk nie as eksamenvak vir die P.T.S. voorgeskryf is nie, moes die leerling tog 'n sekere standaard van werk kon lewer om daarop voort te bou vir die verwerwing van N.A.S. Verder moes drie vakke uit die Nasionale Tegniese Sertifikate gekies word, en vir die ambagte aan die betrokke inrigtings onder bespreking was dit moontlik om Matesis, Praktiese Meetkunde (voortsetting van Tekene) en Wetenskap (Fisika) en/of Teorie te kies. Eintlik het dan net Burgerleer weggeval, praktiese werk verpligtend geword en teorie opsioneel vir die Smede maar verpligtend vir die ander erkende ambagte van die Nasionale Tegniese Sertifikaat-Groepe. Dus, net soos die praktiese werk, hoewel dit nie verpligtend was vir die P.T.S. nie maar tog noodsaaklik as die N.A.S. beoog is, kon teorie nie weggelaat word nie, behalwe vir die Smede. Hieruit volg dat die leerling in die P.T.S. behalwe die vyf eksamenvakke ook teorie moes volg en 'n redelike standaard in die praktiese werk moes behaal as voortgegaan wou word om die N.A.S. te verwerf. Weliswaar was daar derhalwe geen keuse nie, maar die taak van die leerling is in 1929 verlig deur die invoering van vaksuksesse, en die verwerwing van die Sertifikate volgens die akkumulatiewe basis was beslis 'n stap vorentoe, gesien van die kant van die leerling veral die minder intellektueel-begaafde leerling: as hy dan nie 'n volle Sertifikaat kon behaal nie, kon hy darem erkenning kry vir sekere vakke waarin hy geslaag het. 'n Verdere wysiging was die keuse van vyf

uit sewe vakke vir die P.T.S., maar die Taal en Tekene is verpligtend gemaak.

Ongelukkig kon nie met sekerheid vasgestel word presies waarom van tyd tot tyd (soos later sal blyk) sekere vakke vir die sertifikate verpligtend gemaak is nie. Heelwat moontlike redes kan aangevoer word, maar dit sal mens miskien niks verder bring as blote spekulasie nie.

As nou weer onthou word dat in 1929 die vereiste vir die N.A.S. nie gewysig is nie, dan was daar ook maar weer geen keuse in die P.T.S. as die leerling wou voortgaan om die N.A.S. te verwerf nie, want dan <u>moes</u> hy neem: Taal, Tekene, Natuurwetenskap of Teorie en Matesis.

As stip volgens eksamenregulasies gehandel is, val dit moeilik om te verklaar hoe die kleremaker en skoenmaker sy N.A.S. gedurende hierdie periode kon verwerf, want onder die Nasionale Tegniese Sertifikaat-groepe, waaruit drie vakke gekies kon word, het hierdie ambag nie verskyn voor 1933 nie, en tweedens versoek die Suid-Afrikaanse Vakskoolvereniging (S.A.V.V.) volgens 'n kongresbesluit die Departement om ook voorsiening te maak vir die Teorie van kleremakery.[1] (Tot 1937 het die Potchefstroom inrigting ook nog 'n Landbou-afdeling gehad, maar daar is geen eksamen afgeneem nie.[2]

Ons het nou daarop gewys hoe die sertifikate op mekaar bou, hoe die een die ander affekteer, en die vraag is nou of die voorbereiding in die vakke die kurrikulum of leerplan van die skole gevorm het, of was daar ook non-eksamenvakke op die rooster.

By albei sertifikate word net genoem "Taal". Dit

---

1) "Werk" Junie 1934, bl. 49, en Sept. 1934, bl. 33.
2) Ibid. Junie 1934 bl. 49.

kon dus wees Engels of Afrikaans. Net een was nodig. Ons vind dat die skole albei gedoseer het, en as Afrikaans gevolglik gekies is as eksamenvak, was Engels 'n non-eksamenvak en omgekeerd. Maar net hierdie een voorbeeld kan genoem word - die non-eksamenvakke sou eers later kom. As hierdie voorbeeld dit regverdig, kan gesê word dat die leerplan nie net nie, maar hoofsaaklik net bestaan het uit die voorbereiding in die eksamenvakke (ambag inbegrepe).

In 1933 [1] het die S.A.V.V. die "enge" opvatting oor die leerplan begin besef en wou derhalwe die leerplan meer in ooreenstemming bring met die doel van die skool deur 'n versoek te rig vir die invoering van non-eksamenvakke, soos sang en gesondheidsleer en 'n praktiese program vir die bevordering van kuns. Baie algemeen gestel, was die doel van die skole : nie net die onderrig in 'n ambag nie, maar die leerling moes ook skoolgaan; nie net die ontwikkeling van die hand nie maar ook van die verstand. Die onderwyser wou egter ook hê die ontwikkeling van die geestelike, estetiese en liggaamlike (soos tans), en die instrukteur wou ook presies weet wat die aard en doel van sy werk sal wees. Na aanleiding van die S.A.V.V. se kongresbesluit in Junie 1932 dat 'n grondige ondersoek ingestel word inhoeverre die ambagsonderrig in die ambagskole aan die behoeftes van die bedryfslewe voldoen, word in 1933 die volgende vrae deur die Sekretaris van Onderwys aan die S.A.V.V. gestel: [2] "Wat behoort, volgens u mening, die doel van ons ambagsonderrig te wees: om geoefende werkslui op te lei of om geskoolde werkslui op te lei; om seuns vir plasing op die platteland op te lei; om op eie verantwoordelikheid 'n werkswinkel te open of om vir 'n werkgewer te werk en vir hoelank; om op

---

1) "Werk", Des. 1933, bl. 43 en Sept. 1934, bl. 28.
2) Ibid, Maart 1933 bl. 28.
Vgl. "Werk", Junie 1932 bl. 3; vgl. ook Junie en Sept. 1934, bl. 13 - 21 en 25, Maart 1935 bl. 41, vir antwoorde.

een ambag te werk of op 'n verbinding van ambagte; om seuns vir vakleerlingskap in die stedelike areas op te lei, om seuns 'n algemene opvoeding te verskaf sonder dat die Departement daar besorgd oor hoef te wees of hulle enige werk kry en watter soort werk hulle kry?

Uit die antwoorde het voortgevloei die noodsaaklikheid vir die invoeging van vakke soos Besigheidsmetodes en Boekhou in die leerplan van die N A.S. vir seuns wat hul eie onderneming wou begin.[1] Waar moes egter nou die nadruk val: in die werkswinkel of in die skool? Met verloop van tyd word die gulde middeweg gekies. In 1928[2] het die leerling omtrent twee-derdes van die totale aantal werksure per week aan sy ambag bestee, terwyl vanaf Januarie 1944 die tyd meer of min gelykop verdeel word tussen die werkswinkel en skoolafdeling.[3]

In die lig van bostaande is dit dan ook wel te begrype dat 'n hele polemiek oor die eksamenstelsel ontstaan het. Byna op elke kongres was daar beskrywingspunte hieromtrent. Die eksterne eksamen moes vervang word deur 'n interne toets, of volgens die kongresbesluit van Junie 1932, "dat in verband met alle eksamens afgeneem deur ons Departement en waarvoor skole van die Unie Departement van Onderwys kandidate voorberei, die personeellede van die skool seggenskap sal hê tot die mate dat jaarpunte, toegeken vir werk op skool gedurende die jaar, in aanmerking geneem sal word."[4] Daar word op gewys dat van die 2021 inskrywings vir die P.T.S. in 1932, net 679 geslaag het en 1342 kon nie in die eksamen slaag nie.[5] Uitdruklik word gesê dat die fout nie by die

1) "Werk," Des. 1935, bl. 39.
2) Departementele Omsendbrief No. 11 van 1928.
3) Ibid., No. E. 214, van 1 November 1943.
4) "Werk," Junie 1932, bl. 4 en Des. 1932, bl. 31.
5) Ibid. Junie 1933, bl. 9.

kind of die onderwyser gesoek moes word nie, maar die eksterne eksamen word verantwoordelik gehou. Daar was dan ook by die volgende S.A.V.V.-kongres[1] die volgende twee beskrywingspunte: "dat die kwessie van eksamens deur die Kongres bespreek word" en "dat uitbreiding en verduideliking van sillabusse deur die Kongres bespreek word", en die volgende jaar "dat 'n kommissie aangestel word om verbeterde sillabusse waar nodig op te trek."[2]

4. Die P.T.S. - J.T.S.-periode (1933 tot 1943.)

(a) Die Leerplanne van 1933, 1936, 1940, 1943.[3]

(i) Die P.T.S.

Die Sertifikaat sou nou toegeken word aan kandidate wat in vyf vakke slaag; een offisiële taal A en vier vakke uit die volgende rangskikking: tweede offisiële Taal A of B, Wetenskap, Matesis, Tekene, Ambagsteorie, Burgerleer of Geskiedenis of Aardrykskunde. Hierdie rangskikking het in 1936 dieselfde gebly.

In 1940 was die groepering van die vakke waaruit vyf gekies moes word, soos volg: Groep 1: een Offisiële Taal A (Engels of Afrikaans); Groep 2: vier vakke uit: Tweede Offisiële Taal A of B (Engels of Afrikaans), Burgerleer of Geskiedenis of Aardrykskunde, Tekene, Wetenskap, Matesis, Fisiologie en Gesondheidsleer, Ambagsteorie, Werkswinkelpraktyk. Praktiese werk het dus ook 'n eksamenvak geword, en 'n minimum van 600 uur in 'n erkende inrigting moes aan die ambag gewy word as voorbereiding. Die sillabus wat deur die instrukteurs van die betrokke ambagte op die departementele

1) "Werk", Junie 1933, bl. 17.
2) Ibid. Junie 1934, bl. 51.
3) "Union Educ. Dept.": Handbooks, "National Technical Examinations", 1933, 1936, 1940, 1943.

vorm T.F. 8 aangeteken is, moes aan die Departement voorgelê word ter goedkeuring; en daar dit 'n interne eksamen sou wees, sou die departementele Inspekteur geregtig wees op insae en besonderhede aangaande die praktiese toetse. Om te kan slaag in Werkswinkelpraktyk moes die leerling 60 persent behaal.

In 1943 is die naam verander na Nasionale Tegniese Std. VII-Sertifikaatkursus. Vyf vakke kon gekies word uit die volgende groepe: Groep (i) : Eerste Offisiële Taal A of B (Engels of Afrikaans); Tweede Offisiële Taal A of B (Engels of Afrikaans) of Frans of Duits of Portugees of een van 'n paar Naturelletale. Groep (ii) : drie vakke uit: Burgerleer of Geskiedenis of Aardrykskunde; Tekene; Matesis; Wetenskap of Natuurwetenskap; Ambagsteorie; Werkswinkelpraktyk (passend by die teorie).

(ii) Die J.T.S.

Aanvanklik, naamlik in 1933, toe die sertifikaat ingevoer is, moes uit die volgende vakke ses gekies word: Offisiële Taal A, Matesis I, Natuurwetenskap I of Fisika I of Chemie I, Praktiese Meetkunde of Masjientekene, en twee vakke uit: Tweede Offisiële Taal A of B, Frans of Duits, Geologie I, Aardrykskunde of Geskiedenis of Boekhou, Landmeting I en enige Nasionale Tegniese Sertifikaat I - vak wat nie reeds gekies is nie.

In 1936 was die groepering soos volg: Offisiële Taal A, Matesis I, Natuurwetenskap I of Fisika I of Chemie I of Geologie I, Praktiese Meetkunde of Masjientekene, en twee vakke uit: Tweede Offisiële Taal A of B, Frans of Duits of Xhosa of Soeloe, Lugvaartkunde I, Boekhou en Handelsrekene of Aardrykskunde of Geskiedenis, Ambagsteorie I, een van die Nasionale Tegniese Sertifikaat I-vakke wat nie reeds gekies is nie.

In 1940 is die naam verander na Nasionale Junior

Sertifikaat- (tegnologie) kursus. Uit die volgende indeling moes ses vakke gekies word: Groep (i): Eerste Offisiële Taal A (Engels of Afrikaans); Groep (ii): een vak uit: Matesis I of Matesis (Junior); Ambagsteorie ('n erkende Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel I)-ambagsteorievak, as dit nie onder Groep (iii) gekies word nie); Groep (iii): vier vakke uit: Natuurwetenskap I (nie saam met Chemie I of Fisika I nie); Praktiese Meetkunde I of Masjientekene; Tweede Offisiële Taal A of B (Engels of Afrikaans); Frans of Duits of Xhosa of Soeloe; Fisika I (nie saam met Natuurwetenskap I nie); Chemie I (nie saam met Natuurwetenskap I nie); Geologie I; Lugvaartwerktuigkunde I; Boekhou en Handelsrekene (Junior); Geskiedenis (Junior); Ambagsteorie I ('n erkende Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel I)-ambagsteorievak, as dit nie onder Groep (ii) gekies is nie); Matesis I of Matesis(Junior), (as dit nie onder Groep (ii) gekies is nie); Werkswinkelpraktyk (passend by die teorie); enige erkende vak uit die Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel I) wat nog nie gekies is nie.

Die huidige kursus vereis nog ses vakke, soos volg gekies: Groep (i): Eerste Offisiële Taal A (Engels of Afrikaans); Matesis I. Groep (ii):[1] Tweede Offisiële Taal A of B (Engels of Afrikaans) of Frans of Duits of Portugees of een van 'n aantal naturelletalé; Groep (iii): (hier moet twee vakke gekies word as Groep (ii) gekies word of drie vakke as Groep (ii) nie gekies word nie): Natuurwetenskap I of Chemie I of Fisika I of Geologie I; Masjientekene of Praktiese Meetkunde; Werkswinkelpraktyk (in ooreenstemming met die vak wat in Groep (iv) gekies

---

1) Hierdie Groep was opsioneel tot November 1945, maar is verpligtend van Junie 1946.

word.) Groep (vi): een vak uit dieselfde vakke as vir die Nasionale Ambagsskool Sertifikaat Groep (iv).

(iii) <u>Die N.A.S.</u>

Vanaf 1933 moes die vyf vakke gekies word uit: (a) I. een offisiële taal (Junior Sertifikaat Taal B), II. Matesis, Masjientekene of Praktiese Meetkunde, IV. Ambagsteorie of 'n ander erkende vak uit die Nasionale Tegniese Sertifikaat I- Groepe; (b) Praktiese werk. Om die Departement tevrede te stel aangaande die gehalte van die Praktiese werk, moes interne toetse gereël word, en verslae omtrent die kursus moes aan die Departement voorgelê word op die Vorm T.E. 8. So het die groepering gebly by die volgende hersiening van die leerplanne.

In 1940 kon uit die volgende vakke vyf gekies word: Groep (i): Eerste Offisiële Taal A of B (soos voorgeskryf vir die Junior Tegniese Sertifikaat), Groep (ii): een van: Matesis I, Ambagsteorie ('n erkende Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel I) Ambagsteorievak, as dit nie onder Groep (iv) gekies word nie); Groep (iii): Werkswinkelpraktyk (passed by die teorie); Groep (iv): twee vakke uit: Masjientekene of Praktiese Meetkunde of Boekhou en Handelsrekene (Nasionale Junior Sertifikaat- sillabus); Matesis (as dit nie onder Groep (ii) gekies is nie; Natuurwetenskap I (kan nie saam met Chemie I of Fisika I geneem word nie); Chemie I (nie saam met Natuurwetenskap I nie); Fisika I (nie saam met Natuurwetenskap I nie); Geologie I; Ambagsteorie I ('n erken Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel I) Ambagsteorie-vak, as dit nie onder Groep (ii) gekies is nie); enige ander erkende vak van die Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel I) wat nog nie gekies is nie.

Die Praktiese werk was aan dieselfde voorwaardes onderworpe as vir die Preliminêre Tegniese Sertifikaat, net die standaard van werk moes meer ge-

Tale, Burgerleer, Teorie en een van Natuurwetenskap of Matesis of Tekene. As hy egter in die J.T.S. wou slaag, moet nie net die vereistes vir laasgenoemde sertifikaat genoem word nie maar ook melding gemaak word van die feit dat die Hoër Tegniese Skool nie volle gebruik kon maak van alle moontlike vakkombinasies vir die sertifikate nie weens ontbrekende fasiliteite. Vir die J.T.S. is byvoorbeeld gewoonlik net voorsiening gemaak vir die vakke: Offisiële Tale, Matesis, Natuurwetenskap, Praktiese Meetkunde of Masjientekene (of die een of die ander by die drie betrokke skole) en Teorie, en so is die posisie vandag nog. (Sien Afdeling B, Hoofstuk I). Met die moontlike vakkombinasie vir die P.T.S. soos hierbo genoem, kon Natuurwetenskap of Matesis of Tekene nie weggelaat word nie.

Dit kom dan alles hierop neer dat vanaf 1933 tot tans die vakke vir die twee sertifikate P.T.S. en J.T.S. nie gewysig is nie, behalwe dat in 1940 Praktiese Werk 'n eksamenvak geword het vir die P.T.S., wat meegebring het dat as voortgegaan wou word tot die J.T.S., die vak Burgerleer 'n non-eksamenvak geword het (sien Afdeling B, Hoofstuk I). Die vakke vir die P.T.S. was en is derhalwe: die twee offisiële Tale, Matesis, Wetenskap, Tekene, Teorie, Praktiese Werk (1940) en Burgerleer opsioneel (1940). Hiervan moet in vyf geslaag word, maar vir die J.T.S. moet die leerling in ses vakke uit die volgende slaag: Offisiële Tale, Matesis, Wetenskap, Masjientekene of Praktiese Meetkunde, Teorie, Praktiese Werk. Die eintlike wysiging vir die verwerwing van die sertifikate in hierdie periode het derhalwe nie daarin bestaan dat die vakke as sodanig verander is nie(behalwe natuurlik Praktiese Werk i.p.v. Burgerleer vanaf 1940) maar daarin dat sekere vakke verpligtend gemaak is. Vir die P.T.S. was van 1933 tot

1940 een offisiële Taal A verpligtend en vanaf 1943 albei offisiële Tale. Vir die J.T.S. was vanaf 1933 Teorie verpligtend en vanaf 1943 ook een offisiele Taal A. In 1943 is een offisiële Taal A (vanaf 1946 albei), Matesis I en Teorie verpligtend.

Dit is ooglopend dat die standaard van werk verhoog is, dat groter eise aan die kind gestel is toe van die P.T.S. na die J.T.S. i.p.v. van die P.T.S. na die N.A.S. oorgegaan is.

As dit nie vir die leerling moontlik was om gedurende die drie jaar die J.T.S. te behaal nie, kon hy nog op die N.A.S. reken. Dit beteken dat hy vir die J.T.S. eksamen aflê, maar slaag hy nie die nodige vakke nie, kon hy die N.A.S. verwerf as hy in Praktiese Werk en vier van die ander J.T.S.- vakke sou slaag. In 1940 word een Offisiële Taal A of B egter ook verpligtend en 1943 ook Teorie.

Die begeerte om met andersoortige probleme, soos 'n eie doelstelling en 'n ander tipe leerling, aan die vereistes van die sertifikate of die eksamenstelsel te voldoen, het nog steeds vir die skole 'n probleem gebly. Die skole wou tereg hul eie kursusse opstel, en die standaard kon deur die Departement gestel word. In die lig word die beskrywingspunt van die S.A.V.V. in 1938 gesien: "die Kongres beveel aan dat daar geakkrediteerde skole aangewys sal word, wat outonoom kursusse sal opstel en eksamens sal afneem, waarvan die standaard deur die Departement beheers word."[1] Ook wys die S.A.V.V.- eksamenkomitee daarop dat die eksamen nie die alfa en omega van die skool kan

1) "Werk" No. 25, bl. 42.

wees nie, en hul sienswyse regverdig sekerlik tot 'n baie groot mate die verruiming van die leerplan deur die invoeging van non-eksamenvakke met die doel om meer te lewer as 'n blote ambagsman. "Dit is onmoontlik om iemand te verplig om in 'n eksamen te slaag. Ons kan ook nie 'n leerling vir 'n onbepaalde tydperk in die skool hou terwille van 'n skoolsertifikaat nie. Nie alleen sal dit onprakties wees nie, maar ook onbillik. Onprakties omdat die leerling te oud word, en onbillik omdat andere sonder enige vakopleiding direk van die gewone skool in diens geneem word en dus 'n baie groot voorsprong op hom het."[1) ] Hieruit blyk dat die doel van die skool nie uitsluitlik is die verwerwing van sertifikate nie, dat nie gesê kan word dat die skool sy doel mis as die leerling in geen eksamen slaag of nie op sy ambag gaan werk nie, maar dat meer beoog word as 'n blote ambagsopleiding. Om die ander doel te verwesenlik het dit meer en meer noodsaaklik geword dat non-eksamenvakke ingevoer word; dat die leerplan nie sal bestaan uitsluitlik uit die voorbereiding vir sertifikate nie.

'n Verdere verruiming van die leerplan ter verwesenliking van die tweeledige doelstelling is voorgestel deur 'n kongresbesluit in 1937: "Hierdie Kongres besef die waarde van Liggaamskultuur en vra dus die Departement om 'n persoon aan te stel om ondersoek van die posisie op sy skole in te stel en klasse te organiseer."[2)] Die Departement het dan ook 'n organiseerder van Liggaamskultuur aangestel in die persoon van mnr. C. Smit, en vanaf 1938 het liggaamsoefeninge as 'n non-eksamenvak op die skoolrooster verskyn.[3)] Die volgende non-eksamenvak was Godsdiensonderwys, en dit het in 1941 op die rooster verskyn[4)] nadat mej. Kachelhoffer aangestel is as organiseerster, en so word ook doelbewus voorsiening gemaak vir die geestelike welsyn van die kind. Die laaste non-eksamenvak wat ingevoer is, is Sang,[5)] hoewel dit nog

1) "Werk," No. 25, bl. 45.
2) "Werk," April, 1937 bl.36.
3) Omsendbrief No. E.14/44 van 11.7.38.
4) Omsendbrief No E.14/45 van 9.12.40.
5) Ibid. No. E.123/1944/11 van 29.11.1944.

in sy beginstadium verkeer, veral as gevolg van 'n tekort aan geskikte leerkragte vir die doel.

Uit die geskiedenis van die leerplan blyk een ding dus glashelder: nie meer net voorbereiding van 'n ambagsman word vooropgestel nie maar van 'n volle mens. In die jongste tyd het die nadruk meer en meer geval op die voorbereiding van goeie landsburgers. In 1941 kon die Sekretaris van Onderwys hom dan ook soos volg uitlaat: "Die besondere aandag wat die Departement aan biblioteke, prente en skilderye, sport en liggaamsoefeninge, musiek en radio, en wat dies meer sy in verband met die skole wy, is genoegsaam bewys van die strewe om die kind as geheel op te voed. Deur die onderrig in die gewone skoolvakke in nou verband met die praktiese vakke te probeer bring, word die holistiese beginsel by die onderwys toegepas en kry die leerplan as totaliteit meer betekenis vir die leerling. Beskou ons die werk van die skole in hierdie lig, dan sal dit duidelik blyk hoe belangrik hulle is ook as opvoedkundige inrigtings in die breëre sin van die woord."[1]

Word die ontwikkeling van die leerplan of sillabusse van die Tale meer in besonder nagegaan, word bogenoemde strewe bevestig en sal aangetoon word hoe in die latere sillabusse die Taal nie gedoseer is terwille van die taal as sodanig of as 'n noodsaaklike vak om die ambag beter te kan bestudeer nie, maar dat dit ook gesien word as 'n kragtige faktor buite die ambag, dat deur die aankweking van 'n liefde vir boeke en 'n lus om te lees die groot probleem van die vrye tyd van die ambagsman gedeeltelik opgelos kan word.[2]

5. <u>Ontwikkeling van die Taalsillabusse.</u>

(a) <u>Uiteensetting:</u>

(1) <u>Die P.T.S.</u>

---

1) "Werk", No. 37, bl. 11.
2) Vgl. betrokke en reedsgenoemde Handboeke.
~~3) In Bylae A word die gewysigde lys van voorgeskrewe boeke gedurende die jare gegee.~~

In 1923 is die hele taalsillabus soos volg omskryf: kennis van die inhoud van een voorgeskrewe boek uit 'n voorgeskrewe lys [1] en die skrywe van 'n Brief of Opstel.

In 1927 was die "omskrywing" presies dieselfde, maar die lys van voorgeskrewe boeke is gewysig.

Die enigste wysiging (behalwe die nuwe lys van voorgeskrewe boeke waaruit een gekies moes word) was in 1929 dat diktee bygevoeg is.

Niks verder word in 1933 gesê nie behalwe dat aan kandidate wat bo 40 persent behaal, Engels A of Afrikaans A toegeken sou word, terwyl van 30 tot 39 persent toegereken is as die B- taal. (Daar was dus nie twee aparte sillabusse of eksamenvraestelle nie.)

In 1936 is die volgende veranderings aangebring: Deel A, die voorgeskrewe werk, het ook vereis kennis omtrent die skrywer van die gekose boek, en in die beantwoording van vrae moes gelet word op 'n redelike standaard van bekwaamheid in die gebruik van die taal. Die vereistes vir Deel B was: 'n Opstel of persoonlike of sakebrief, gebruik van woorde en idiome in sinne, sinsbou om die getal en tye van die werkwoord te toets. In die eksamen sou op foutiewe spelling gelet word en gevolglik moes diktee en mondelinge werk 'n deel van die klaswerk uitmaak.

In 1940 is die sillabus heelwat gewysig. Die voorgeskrewe boeke is afgeskaf [2] en is vervang deur meer nadruk te lê op die gebruik van die biblioteek; m.a.w. die leerlinge moes meer lees. Formele grammatika beslaan nou ook 'n groter gedeelte van die vraestel. Die sillabus word soos volg ingedeel: <u>Mondelinge werk:</u> om duidelik en betekenisvol gepaste stukkies prosa en poësie te resiteer; mondelinge oefening i.v.m. koerantverslae en lokale aangeleenthede; klasdebatte; voorbereide kort toesprakies; om

---

1) In Bylae A word die gewysigde lys van voorgeskrewe boeke gedurende die jare gegee.

2) Dit het nog 'n paar jaar in werking gebly, en die vraestel-

vrae te beantwoord oor gelese gedeeltes gedurende die kursus. <u>Geskrewe Werk:</u> Opstel: hoofsaaklik verhalend; brief: alledaagse korrespondensie en eenvoudige sakebriewe; diktee; leestekens: komma, punt, vraagteken, aanhalingstekens, uitroepteken, kommapunt, streep, dubbelpunt. <u>Leesstof:</u> soveel moontlik geskikte prosawerke moet gelees word om as modelle van interessante verhalende aard en regte taalgebruik te dien. 'n Lys van boeke deur elke leerling gedurende die kursus gelees, moet gehou word. Om by die leerlinge 'n liefde vir lees, belangstelling in boeke en 'n gevoel vir die skone in die literatuur te kweek, is dit nodig dat hy soveel moontlik en so wyd moontlik sal lees. Dit moet ook in gedagte gehou word dat 'n studie van literêre werke 'n belangrike faktor is vir die gesonde emosionele ontwikkeling van die leerling en die opbouing van sy karakter; die lees van koerante, tydskrifte ens. vir ontspannings- en beroepskundige doeleindes. <u>Taal en Styl</u> (Mondeling en skriftelik): rededele en eenvoudige verbuiging en vervoeging; korrekte gebruik van voegwoorde en voorsetsels, en in Engels veral die werkwoordsvorme; enkelvoudige sinne en eenvoudige samegestelde sinne; die omsetting van sinne tot nuwe vorme, bv. deur die verandering van die tye van die werkwoord, die getal van die onderwerp, van bedrywende tot lydende vorm, direkte tot indirekte rede; studie van voegwoorde wat bysinne inlei; betekenis en gebruik van woorde; woordvorming; homonieme, sinonieme, antonieme; eenvoudige voorbeelde van beeldspraak: metafoor, vergelyking, personifikasie.

Omtrent die laaste verandering in 1943 die volgende: vir die algemene wenke aangaande die taalsillabus, bv. oor die doel, literatuur, klas- en huiswerk, verwys ons na bl. 132-135 van die bepaalde Handboek. Daar word nou twee aparte vraestelle opgestel vir die A- en die B- taal,

en die kandidate word vir óf die A- taal óf die B- taal voorberei. Die sillabusse vir die A- en die B- taal kom hoofsaaklik ooreen wat die inhoud betref, maar verskil in die graad van moeilikheid. Aan die opstel word 30 persent toegeken, 10 persent aan die brief, 20 persent aan 'n begripstoets en 40 persent aan die res van die vraestel. <u>Opstel:</u> hoofsaaklik verhalend en beskrywend en nie oor abstrakte onderwerpe nie. <u>Brief:</u> privaat- en eenvoudige sakebriewe. Spesiale aandag moes gewy word aan die opstelling, interpunksie en plasing van adresse, begroeting en slot. In beide die opstel en die brief moet aandag geskenk word aan paragrafering en rangskikking van die inhoud. <u>Begripstoets:</u> verskillende vrae sal gestel word oor geskrewe gedeelte prosa of poësie om vas te stel of die gedeelte behoorlik begryp is. <u>Leestekens:</u> die gebruik van al die gewone leestekens; rededele; verbuiging en vervoeging met spesiale aandag aan voegwoorde, voorvoegsels, woordorde, werkwoordvorme en in Engels "the sequence of tenses"; bedrywende en lydende vorme; die gebruik in Afrikaans van samegestelde voornaamwoorde; die gebruik van hulpwerkwoorde, met spesiale verwysing na "shall" en "will" in Engels en "is", "was" en "word" in Afrikaans; die bou van sinne veral om die regte woordorde te toon; die regte woordorde in enkelvoudige sinne en maklike samegestelde sinne; sinsontleding van enkelvoudige sinne en maklike samegestelde sinne bevattende nie meer as twee afhanklike sinne nie; die omsetting van sinne tot nuwe vorme, bv. deur die tyd of getal of geslag te verander of deur die verandering van direkte tot indirekte rede en omgekeerd; die gebruik van voegwoorde om bysinne in te lei; die betekenis en gebruik van woorde; woordvorming deur middel van voor- en agtervoegsels; sinonieme, antonieme, homonieme, homofone; die verbetering van algemene

foute in regstreekse voorbeelde. Spesiale aandag moet geskenk word aan die uitroeiing van Suid-Afrikanismes en Anglisismes. Kandidate sal op hierdie stadium nie verwag word om redes te gee vir hulle verbeteringe nie. (Die B-taal-sillabus is min of meer dieselfde - sien die handboek, bl. 140).

(ii) <u>Die N.A.S.</u>

In 1923 tot 1929 was die vereistes dieselfde as vir die P.T.S. behalwe dat dit meer gevorderd moes wees en dat kennis omtrent die inhoud van twee voorgeskrewe boeke (dieselfde lys as vir die P.T.S.) vereis is.

In 1929 het heelwat verandering plaasgevind. Die sillabus is in Afdeling A en B verdeel, en 40 persent sou toegeken word aan afdeling A en 60 persent aan Afdeling B. Die vraestel (Engels of Afrikaans) sou 3 uur duur. Afdeling A het ingesluit die kennis van die inhoud van drie voorgeskrewe werke (sien Bylae A). Dit sal opgemerk word dat daar nou 'n afsonderlike lys voorgeskrewe boeke opgestel is vir die N.A.S. In Afdeling B word die sillabus ook nou beter omskryf, soos volg: As die doel van die Taalkursus word gestel die voorbereiding van leerlinge, sodat hulle in staat sal wees om hulle op 'n duidelike, logiese en onomslagtige wyse uit te druk. Daar moes gelet word op die regte gebruik van woorde, veral soos toegepas in die nywerheid, en sinsontleding is bygevoeg. Hierby word gevoeg die paragraaf, leestekens, direkte en indirekte rede en veral opsommings. In die opstel moes die kandidate minstens 30 persent van die aantal punte wat daaraan toegeken is, behaal. Sakebriewe en amptelike briewe moes ook geskryf word. Verder word daarop gewys dat kandidate aangemoedig moes word om die tweede offisiële taal te neem as 'n addisionele opsionele vak.

Vanaf 1933 was daar nie 'n aparte sillabus nie

maar moes die J.T.S. - B- taalsillabus gevolg word (later B- taal of A- taal).

(iii) Die J.T.S.

Die A- taal is in twee afdelings verdeel. Afdeling A was die voorgeskrewe werke, waarin die inhoud van vier boeke uit 'n voorgeskrewe lys verlang is. Afdeling B het ingesluit 'n opstel of brief, parafrase, verbetering van foutiewe sinne, sintaksis, regte gebruik van woorde, styl, leestekens, opsommings, sinsontleding, sake- en amptelike briewe. Die B- taal- vraestel sou 2½ uur duur, en 40 persent is toegeken aan Afdeling A en 60 persent aan Afdeling B. Die voorgeskrewe werke in Afdeling A het die inhoud van twee boeke verlang uit dieselfde lys boeke as vir die A- taal. Die B- Afdeling het ingesluit: 'n Opstel of brief, sintaksis, die regte gebruik van woorde, styl, leestekens en sakebriewe.

In 1936 is die sillabus soos volg omskryf: Vir die A- taal was kennis van die skrywers van drie voorgeskrewe werke nodig en 'n redelike standaard van bekwaamheid in taalgebruik by die beantwoording van die vrae. In Afdeling B moes behandel word: korrespondensie, opstel, parafrase, opsommings, verbetering van sinne, sintaksis, vorming van samegestelde sinne, voegwoorde, indirekte rede leestekens, mondelinge oefening en diktee. Vir die B- taal was, met uitsondering van die kennis van die inhoud van twee voorgeskrewe boeke, die bewoording dieselfde as vir die A- taal, maar Afdeling B het ingesluit: korrespondensie of 'n opstel, opsommings, sintaksis, samegestelde sinne, voegwoorde, leestekens, mondelinge oefening en diktee.

Die volgende leerplanhersiening het weer heelwat wysigings gebring. Die A- taal-sillabus het voortgebou op

die werk van die Preliminêre Tegniese Sertifikaat (P.T.S.) Mondelinge werk: soos vir die P.T.S. maar meer gevorderd. Die tegniese bedrywighede (Praktyk en Teorie) moes dien as die gebied waaruit baie voorbeelde geneem word. Geskrewe Werk: Opstel- verhalend, beskrywend, vindingryk of argumenterend. (Kandidate moes 40 persent behaal in die opstel en brief; diktee- soos vir die P.T.S. maar meer gevorderd - die gedeeltes moes ook dien as modelle vir taal en styl; leestekens - voortsetting van die P.T.S.-werk. Leesstof: soos vir die P.T.S. maar ook poësie, veral verhalende gedigte insluitende idilles, ballades, ens; lees van koerante, tydskrifte ens. vir ontspanning en beroepskundige doeleindes. Taal en Styl: rededele soos vir die P.T.S. voorgeskryf, maar meer gevorderd; aandag moet geskenk word aan moeilikhede met trappe van vergelyking van byvoeglike naamwoorde en bywoorde; eenvoudige voorbeelde van beeldspraak: metafoor, vergelyking, personifikasie, hiperbool, oximoron, eufemisme, onomatopee; idiome; gesegdes; parafrase; opsommings; uitbreiding van sinne; sinonieme, antonieme, homonieme, paronieme.

Die B- taal-sillabus sou makliker wees deur die volgende bepalings: Mondelinge werk: Soos vir die A- taal maar nie so geverderd nie. Geskrewe werk: Opstel: hoofsaaklik verhalend en beskrywend; brief: alledaagse korrespondensie en eenvoudige sakebriewe (Kandidate moes 30 persent behaal in die opstel en brief); diktee: soos vir die P.T.S. maar meer gevorderd; leestekens: voortsetting van die P.T.S.-werk. Leesstof: Dieselfde doel word nagestreef as vir die P.T.S., en die boeke vir bespreking moes daarvolgens gekies word. Taal en Styl: (mondeling en geskrewe): rededele soos vir die P.T.S. maar meer gevorderd; betekenis en gebruik van woorde; antonieme, homonieme, sinonieme, paronieme (van eenvoudige aard); eenvoudige voorbeelde van

beeldspraak, soos vir die P.T.S., maar ook die hiperbool en onomatopee.

Die laaste veranderings in 1943 het die sillabus soos volg laat lui: Vir die algemene wenke aangaande die taalsillabus, bv. oor die doel, literatuur, klas- en huiswerk, verwys ons na bl. 132 - 135 van die bepaalde Handboek. Hoewel die sillabusse vir die A- en die B- taal grootliks ooreenstem in inhoud, is daar 'n verskil in die graad van moeilikheid. (Vir die B- taal-sillabus vergelyk die Handboek, bl. 141) Aan die Opstel word 30 persent toegeken, 10 persent aan die brief, 20 persent aan die begripstoets en 40 persent aan die res van die vraestel. Opstel: verhalend, beskrywend en vindingryk. Brief: persoonlike briewe en sakebriewe van die gewone tipe. Begripstoets: Kandidate sal verskillende vrae gestel word aangaande die inhoud van 'n gegewe stuk prosa of poësie, om vas te stel of die gegewe gedeelte deeglik verstaan is. Van hulle sal nie verwag word om die gedeelte op te som of te parafraseer nie. Opsommings: die opsomming van die inhoud van 'n gegewe gedeelte wat handel oor enige onderwerp binne die alledaagse ervaring van die kandidate. Leestekens: Kandidate moet kennis dra van en in staat wees om al die leestekens te gebruik; rededele, hul soorte en funksies; verbuiging en vervoeging. Spesiale aandag moet aan die volgende geskenk word : voegwoorde, voorsetsels, woordorde, werkwoordvorme en "the sequence of tenses" in Engels, die lydende vorm, die gebruik van samegestelde betreklike voornaamwoorde in Afrikaans, die gebruik van hulpwerkwoorde met spesiale verwysing na "shall" en "will" in Engels en "is", "was" en "word" in Afrikaans; die bou van sinne, veral om die regte woordorde te toon; sinsontleding; die omsetting van sinne in nuwe vorme, bv. deur verandering van die tye, getal, geslag of van direkte tot indirekte rede of omgekeerd; die gebruik van voegwoorde om bysinne in te lei. Die

betekenis en gebruik van woorde; woordvorming by wyse van voor- en agtervoegsels; lettergreepverdeling; sinonieme, antonieme, homonieme, homofone; die verbetering van algemene foute. Spesiale aandag moet geskenk word aan die uitroeiing van Suid-Afrikanismes en Anglisismes.

(b) Samevatting en Kritiek.

Soos blyk uit bostaande uiteensetting was daar heelwat ontwikkeling vanaf 1925, wat somaar by die eerste oogopslag blyk as net gelet word op die lengte van die omskrywings van die eerste sillabusse en die huidiges. Aanvanklik was vir die P.T.S. net een boek en 'n opstel of 'n brief voorgeskryf. Vir die N.A.S. was twee boeke voorgeskryf, maar as nou onthou word dat die boeke gekies is uit dieselfde lys as vir die P.T.S., het dit in werklikheid beteken dat vir die N.A.S. net een ander boek bystudeer is. In die huidige sillabus word 'n opstel sowel as 'n brief verlang en word die aard van die opstel en brief nader omskryf, terwyl heelwat formele grammatika 'n aansienlike deel (40 persent) van die vraestel dek. Met die voorgeskrewe werke is weggedoen, en meer klem word gelê op die intelligente lees van soveel boeke moontlik, en nie net lees en skryf nie, maar ook praat van veral die tweede taal. Hierdie verandering is 'n groot stap vorentoe, want teen die bestudering van voorgeskrewe boeke kan heelwat argumente aangevoer word. By 'n nadere studie van die voorgeskrewe boeke as sodanig is dit opvallend dat die keuse van die boeke vir die bepaalde standerds, en veral in die tweede taal, nie altyd gelukkig was nie, wat afgelei word uit die feit dat boeke wat in die begin vir die Preliminêre Tegniese Sertifikaat voorgeskryf is, later onder die lys van voorgeskrewe boeke vir die Nasionale Ambagskool Sertifikaat en Junior Tegniese Sertifikaat gevind word. Boeke soos "Quentain Durward" en "Lorna Doone", om maar net twee te noem, blyk selfs

vir die Junior Tegniese Sertifikaat B- taal-leerlinge moeilik verstaanbaar. Om die inhoud van sulke boeke baas te raak, bring mee dat die leerling eerder 'n afkeer in as 'n liefde vir boeke ontwikkel, aangesien sulke werke oor en oor gelees moet word.

Verdere bespreking lyk oorbodig, want wat tans met die studie van die tale beoog word, kan duidelik re· direk en indirek in die huidige sillabusomskrywing gelees word, en dit is soos in die inleidende paragraaf aangestip. Daar word net ten slotte daarop gewys dat albei tale vir albei sertifikate, P.T.S. sowel as J.T.S., vanaf 1946 verpligtend is.

Die huidige leerplan of kurrikulum van die Hoër Tegniese Skool is die resultaat van die ervaring van die verlede, soos blyk uit die geskiedenis van die leerplanne. Vir verdere ontwikkeling is nodig 'n noukeurige doeltreffendheidsbepaling van hierdie leerplan deur 'n kritiese studie, wat dan ook in die volgende Afdeling geskied.